

die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 386 • November 2025



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag
van God en die wysheid van God – 1 Korinthiërs 1:23-24*

INHOUD

DIE BOODSKAPPER • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

Wat leer die Bybel oor die hiernamaals?

REDAKSIONEEL

Ds. Schalk Strauss

'n Hemelburger lyk anders as 'n wêreldburger 1

AMPTELIK 3

ONTVANG DIE WOORD

Dr. Ernst Viljoen

Om saam met ons opgestane Here te eet 4

HOOFARTIKEL

Prof. Koos Adendorff

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien 6

ARTIKELS

Ds. Jannie Bisschoff

... wat elkeen sal vergeld na sy werke ... (Rom. 2:6) 8

Ds. Durandt Pieterse

Is ek dadelik by Jesus as ek sterf? 10

Ds. Pieter van Deventer

Hiernamaals: Wat sal ons wees en wat gaan ons doen? 12

Ds. Nico Swart

Herken ons mekaar ná die dood? 15

Ds. Emilè Trollip

Is hemelbewoners bewus van aardbewoners? 17

Ds. Schalk Strauss

Hoe oud gaan ons in die hiernamaals wees? 18

Ds. Adriaan Botes

Die plek van geweene en gekners van tande 20

Gideon Vosloo

Helena Franz: Wit engel van die Noorde 22

Ds. Lourens du Preez

Hemel, hel en die tussentoestand:
Is daar 'n voorportaal tot die oordeelsdag? 24

AKTUEEL

Smeltoond: 'n Plek, nie 'n toestand nie! 14

Blokkiesraaisel 16

Huldeblyk: Ds. Nico Rautenbach 26

Gemeentenuus 27

Bestek: Bybelkenniseksamen 30

IN DIE SPORE VAN GISTER

Alana Bailey

Geskiedenis in elke huis 34

VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER

Charlotte Fourie

Gesonde gesinne: Het ons ook die moed om dit te bou? 35

IN DIE VOLGENDE UITGAWE:

In ons Kersuitgawe val die fokus op die betekenis van Jesaja 9:5 en die vervulling daarvan in Christus.

VOORBLAD:

Die dood is 'n poort na die hiernamaals. Gelowiges worstel dikwels met die vraag: Hoe lyk dit agter hierdie deur?

REDAKSIE

Eindredakteur

Ds. HSW Strauss

Subredakteur

Mev. C Möller

Redaksielede

Di. RK Combrink,

EC Trollip, A Hough

Advertensies en briewe

Mev. M van Schalkwyk

boodskapper@apk.co.za

Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.

BELANGRIKE TELEFOONNUMMERS EN ADRESSE

**Gemeenskaplike
Kerkkantoor**

Kerkkantoor en Boekwinkel

Tel.: 012 362 1390

Makoustraat 516,

Monumentpark x2

e-pos: info@apk.co.za

Webblad: www.apk.co.za

**Die Afrikaanse
Protestantse Akademie**

Tel.: 012 344 3960/1/2

e-pos: info@apa.ac.za

Webblad: www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:

**B
BusinessPrint**

Bladuitleg:

Die Boodskapper: M Langeveldt

Jeugboodskapper: R Grobler

Uitgegeve deur:

Lig in Duisternis
UITGEWERS

www.liginduisternis.co.za



'n Hemelburger lyk anders as 'n wêreldburger

Ds. Schalk Strauss

So 'n paar jaar gelede het ons die voorreg gehad om Turkye saam met 'n toergroep te besoek. Met so 'n toer stop 'n mens uit die aard van die saak by heelwat toeristeaantreklikhede. Ek was stomgeslaan toe ons by een van die winkels in Kappadosië instap en die persoon agter die toonbank – sonder dat ons nog 'n woord gepraat het – vir ons vra of ons van Suid-Afrika is. “Hoe weet jy dit?” wou ek weet. “Want jy dra 'n K-Way-baadjie, meneer.” Omdat K-Way-klere uniek aan Suid-Afrika is, was dit vir die winkelassistent 'n duidelike aanduiding van ons nasionaliteit.

In hierdie uitgawe bespreek ons vrae oor die metafisiese werklikhede van die hemel en die hel. Mense het baie vrae daaroor en ons probeer die belangrikste daarvan beantwoord. Die beste antwoord of getuienis oor die werklikheid van die hemel, is egter wanneer gelowiges die realiteit daarvan nou reeds ervaar. Gelowiges verkry nie eers hemelse burgerskap die dag as hulle sterf nie, maar reeds wanneer hulle tot geloof in Jesus Christus kom. Om hierdie rede herinner die Here Jesus ons daaraan dat hoewel ons tans in die wêreld is, ons nie ván die wêreld is nie (vgl. Joh. 17:15-16). In hierdie wêreld is ons vreemdelinge en bywoners (vgl. Hebr. 11:13). Ons verblyf is net tydelik – 'n aardse tentwoning (vgl. 2 Kor. 5:1) – *terwyl ons uitsien om met ons woning uit die hemel oorklee te word* (2 Kor. 5:2). Die vraag is egter of mense ons onmiddellik as hemelburgers uitken. Kan hulle in ons lewens en optrede 'n voorsmakie van die hemelse kry? Wat is die verskil tussen 'n wêreldburger en 'n hemelburger?

FOKUS EN BEGEERTES

Die fokus en begeertes van 'n **wêreldburger** is gerig op aardse plesier, status, rykdom, gemak, selfbevrediging en die eie ek (vgl. 1 Joh. 2:15-17; Pred. 5:10).

Die **hemelburger** is ingestel op God se wil, om sy koninkryk te soek, sy denke met hemelse gedagtes te vul, en skatte bymekaar te maak wat nie deur mot en roes verniel kan word nie (vgl. Mt. 6:19-21, 33; Kol. 3:1-2).

MOTIVERING

Die **wêreldburger** se optrede, denke en besluite word deur vrees (vir verlies, die dood, mislukking, verwerping, straf) of trots (selfverheerliking, hoogmoed) gemotiveer (vgl. Spr. 29:5; Lk. 18:9-14).

Die motivering vir die **hemelburger** se optrede, denke en besluite berus op liefde vir God en sy naaste, dankbaarheid vir verlossing, vreugde in Christus en God se aanbiddelike heerlikheid en skoonheid (vgl. 1 Joh. 4:19; Ps. 96:4; 100:2; Rom. 12:1).

IDENTITEIT

Die **wêreldburger** word deur sy sosiale status, rykdom, prestasies en beeld gedefinieer (vgl. Jer. 17:5; Gal. 1:10).

Die **hemelburger** word deur sy verhouding met Christus en sy hemelse burgerskap gedefinieer (vgl. Gal. 2:20; Filip. 3:20).

ETIESE OPTREDE

Die **wêreldburger** se optrede en sin vir reg en verkeerd word nie deur 'n objektiewe maatstaf bepaal nie, maar deur wêreldse norme, die menings van die tydsgees en vleeslike (sondige) begeertes (vgl. Rom. 1:28-32).

Die **hemelburger** meet sy lewe en optrede aan 'n objektiewe maatstaf – die wet van God. Sy lewe word gekenmerk deur gehoorsaamheid, heiligheid en liefde (vgl. Mt. 5:16; 1 Petr. 1:14-16; Gal. 5:22-23).

VERHOUDINGS

Die **wêreldburger** se verhoudings sentreer om homself en die voordeel wat hy daaruit kan kry. Hy is jaloers en mededingend en gun sy naaste niks nie (vgl. Spr. 13:10; Jak. 3:14-16).

Die **hemelburger** se verhoudings word beheers deur sy begeerte om sy naaste lief te hê soos homself. Hy streef daarna om ander soos Christus lief te hê, op te bou, diensbaar te wees, in vrede met ander te leef en hy soek die gemeenskap van die gelowiges (vgl. Joh. 13:34-35; Rom. 12:10; 1 Kor. 12:25-26).

AANBIDDING

Hoewel dikwels apaties teenoor godsdiens, is aanbidding ook deel van die **wêreldburger** se lewe. Dié aanbidding is selfgesentreerd en word dikwels gekenmerk deur bygelowige optrede, heidense rituele of moderne afgodery soos plesier, status, mag, geld of eiesinnigheid (vgl. 1 Sam. 15:23; Kol. 3:5-6; Rom. 1:20-23).

Hemelburgers se aanbidding is Godgesentreerd, opreg en vreugdevol. Dit is Geesvervuld en vloei voort uit hul liefde en eerbied vir God (vgl. Ps. 95:6; Joh. 4:23-24; Hebr. 12:28).

PERSPEKTIEF

Vir die **wêreldburger** is die hier en die nou belangrik. Sy perspektief is korttermyn en reaktief. Hy is angstig oor dinge soos status en besittings en onmiddellike bevrediging is belangrik (vgl. Lk. 12:16-21; 1 Kor. 15:32; Jak. 4:13-14).

Die **hemelburger** leef met 'n ewigheidsperspektief. Hy is diep bewus daarvan dat die aardse in sy huidige vorm, tydelik is. Hy strek hom uit na wat voor is – sy ewige toekoms, en hy leef doelgerig en vol vertroue in God se beloftes met sy oë gevestig op Christus (vgl. 2 Kor. 4:18; Filip. 3:14; Hebr. 12:1-2).

INVLOED

Die **wêreldburger** beywer hom vir die vestiging van wêreldse en dikwels vleeslike waardes wat op selfbevrediging ingestel is (vgl. Spr. 13:20; 1 Kor. 15:33; 2 Tim. 3:1-5).

Hemelburgers se lippe loop oor van die verlossingsboodskap. Hulle is soos suurdeeg in die wêreld en versprei liefde, hoop en vreugde terwyl hulle aktief daarna soek om God se koninkryk op elke terrein van die lewe te laat kom (vgl. Mt. 5:14-16; 28:19; 1 Thes. 1:8).

EINDBESTEMMING

Hoewel hulle nie daarvan oortuig is nie, verskil **wêreldburgers** se eindbestemming drasties van dié van hemelburgers. Wie sonder God en sonder Christus sterf, is vir ewig verlore. Sy uiteinde is die poel van vuur (vgl. 2 Thes. 1:8-9; Openb. 21:8).

Vir die **hemelburger** berei Christus self plek voor in die huis van sy Vader waar elkeen wat in Christus sterf, tot in lengte van dae in gemeenskap met God sal leef (vgl. Ps. 23:6; Joh. 14:1-3; 17:24; Openb. 21:1-4).

Hierdie eienskappe beskryf die andersheid van die gelowige. Wie hierdie eienskappe deur die werking van die Gees in sy lewe openbaar, maak reeds 'n stukkie van die hemel op aarde sigbaar. Dit verkwik die siel, dit les die dors, dit stil die hongerpyne. Dit help ander om te glo aan 'n beter lewe as die een waarin ons nou vasgevang is.

Die bekende sanger Jim Reeves herinner gelowiges: “This world is not my home, I’m just passing through ...”

Mag ons lewens en ons optrede as kerk van Jesus Christus ons hemelse burgerskap onteenseglik bevestig – selfs meer as wat 'n K-Way-baadjie sê dat ek van Suid-Afrika is. ☺

LERAARS**Beroep ontvang**

Ds. Nico Hefer (Kimberley/Douglas) na Amajuba/
Piet Retief/Newcastle.

Beroep aanvaar

Ds. Nico Hefer (Kimberley/Douglas) na Amajuba/
Piet Retief/Newcastle.

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2025*

26 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag
<i>*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.</i>	

FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE 2026*

1 Januarie*	Nuwejaarsdag
21 Maart*	Openbare vakansiedag
3 April*	Goeie Vrydag
5 April	Paassondag
6 April*	Gesinsdag
6 April	Van Riebeeckdag
27 April*	Openbare vakansiedag
1 Mei*	Openbare vakansiedag
14 Mei	Hemelvaart
31 Mei	Republiekdag
24 Mei	Pinksterfees
16 Junie*	Konsentrasiekampdag
9 Augustus*	Openbare vakansiedag
10 Augustus*	Openbare vakansiedag
14 Augustus	GRA-dag
24 September*	Openbare vakansiedag
10 Oktober	Krugerdag
25 Oktober	Hervormingsfees
16 Desember*	Geloftedag
25 Desember*	Christusfees
26 Desember*	Openbare vakansiedag
<i>*Alle feesdae is nie noodwendig openbare vakansiedae nie.</i>	

CVO-SKOOKWARTALE 2025

Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

SKOOKWARTALE 2025

Vierde kwartaal: 13 Oktober – 10 Desember

CVO-SKOOKWARTALE 2026

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 27 Maart

Tweede kwartaal: 7 April – 26 Junie

Derde kwartaal: 20 Julie – 23 September

Vierde kwartaal: 5 Oktober – 9 Desember

SKOOKWARTALE 2026

Eerste kwartaal: 14 Januarie – 27 Maart

Tweede kwartaal: 8 April – 26 Junie

Derde kwartaal: 21 Julie – 23 September

Vierde kwartaal: 6 Oktober – 9 Desember

DIE BOODSKAPPER**Beplande verskyningsdatums**

Maand	Kopie in by Redakteur	Verskyningsdatum
Des 2025/Jan 2026	15 Oktober	25 November

Advertensietariewe 2026

Grootte	mm (lengte x breedte)	Prys (hardekopie)	Prys (hardekopie + toepassing)
DIE BOODSKAPPER: HARDEKOPIE			
1/16 blad	40 x 90	R245	R295
1/8 blad	65 x 90	R685	R735
1/4 blad	124 x 90	R1 445	R1 495
1/2 blad	124 x 180	R2 355	R2 405
Vertikale strook	263 x 119	R2 850	R2 900
Volblad	246 x 180	R3 835	R3 885
Binne-agter – ½	148 x 200	R5 125	R5 175
Binne-agter – vol	297 x 210	R7 300	R7 350
Agterblad – ½	148 x 200	R5 145	R5 195
Agterblad – vol	297 x 210	R8 800	R8 850

50% afslag indien AP Kerk sake geadverteer word (slegs op die hardekopie).

SLEGS TOEP (GROOTTE: 250 X 300 PX [L X B])

Plasing: Redaksioneel*	R150
Plasing: Amptelik*	R130
Plasing: Ontvang die Woord*	R130
Plasing: Hoofartikel	R100
Plasing: Gemeentenuus	R100
Plasing: Artikels	R80

*Hierdie plasing kan deur almal gesien word, ongeag of hulle ingeteken is.

BANKINBETALINGSBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Lig in Duisternis Media

ABSA Tjekrekening: 411 338 3472 • Takkode: 632005

Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing.
Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.



Om saam met ons opgestane Here te eet

Dr. Ernst Viljoen

Skriflesing: Handeling 10:24-48 • **Teks:** Handeling 10:41(b) • **Sang:** Psalm 116:7, 8 en 10; 23:3

Cornelius, 'n Romeinse offisier in Cesaréa, ontbied die apostel Petrus. Hy sê dat 'n engel aan hom verskyn het met die opdrag om Petrus te laat haal. Weldra besef Petrus dat die Here wil hê dat die evangelie van Jesus aan hierdie nie-Joodse man en sy familie en vriende verkondig moet word.

Petrus lewer 'n bondige relaas van die lewe en werk van Jesus sedert sy doop. Hy maak terloops die interessante opmerking dat Christus, in die 40 dae tussen sy opstanding en hemelvaart, etlike kere saam met spesifieke mense geëet en gedrink het.

Elke keer het hierdie *saam eet en drink* 'n soort rituele of minstens 'n sterk simboliese betekenis. Telkens belig dit ook die een of ander faset van die heilige maaltyd in gemeenskap met die Here in sy huis, naamlik die heilige nagmaal.

Maaltyd saam met die Émmaüsangers

Hierdie ete vind vroeg die Sondagaand van die opstanding plaas. Juis toe Jesus saam met Lukas en Kléopas vir ete aansit,

herken hulle Hom. Dit was nadat Hy bykans drie uur lank saam met hulle geloop en die Skrifte uitvoerig uitgelê het. Bes moontlik het dit gebeur toe Jesus sy hande voor hulle oopvou om die seën te vra, toe hulle die spykerwonde in sy hande sien. Hulle was só oorstelp daaroor dat hulle in daardie uur opgestaan en teruggehardloop het na Jerusalem om dit vir die ander te gaan vertel.

Die besondere betekenis van die ete is dat dit die Émmaüs-gangers gelei het tot die ontdekking dat dit Christus is wat saam met hulle aan tafel is.

Laatnagmaaltyd in die bovertrek

Hierdie ete vind heelwat later dieselfde nag van Paassondag plaas, midde die vergaderde gemeente in die bovertrek van die huis van Maria in Jerusalem. Jesus het eers vir hulle sy hande en voete gewys en toe daarop aangedring dat hulle aan Hom moes vat sodat hulle hulleself daarvan kon vergewis dat dit nie 'n gees is nie, maar die werklike liggaamlike Jesus wat daar in hul midde is.

Toe hulle ten spyte van hul blydskap steeds moeite gehad het om hul eie oë te glo, vra Jesus hulle iets te ete. Hy eet toe voor hul oë 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek.

Die besondere betekenis van hierdie ete is dat dit dien as bewys dat Jesus ná sy opstanding steeds sy menslike liggaam behou het en dat gelowiges ná hul opstanding, alhoewel verheerlik, ook menslike liggame sal hê en kan eet en feestelik verkeer.

Hoe op aarde kan uitbundige mense wat so baie het om te vier, feestelik om 'n tafel verkeer sonder om te eet en te drink? In die gelykenis van die verlore seun het die vader ook die vetgemaakte kalf laat slag en 'n feestelike tafel laat berei, want, het hy gesê: *Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind* (Lk. 15:32). Die derde ete maak dit selfs nóg duideliker ...

Strandmaaltyd by Tibérias

Die dissipels was koud en moeg ná 'n hele wintersnag se vrugtelose

geswoeg op see om in hul lewens-
onderhoud te probeer voorsien.
Dan word hulle vroegoggend
verras met 'n heerlike ete op die
strand: geurige vis op kole gebraai
en warm brood!

Hierdie derde ete herinner sterk
aan die gemeenskapsoffer van die
Ou Testament. Vir hierdie offer
moes gelowige families hul maaltyd
by die huis van die HERE, in innige
gemeenskap met Hom en mekaar,
geniet. Van hierdie plegtigheid geld
die voorskrif: *En julle moet vrolik
wees voor die aangesig van die HERE
julle God ...* (Deut. 12:12).

'n Pertinente onderdeel van
hierdie maaltydoffer was die
beweegoffer. Die gesinshoof moes
die rib van sy offerdier heen en
weer oor die altaar beweeg sodat
die alsierende HERE, by wyse van
spreke, na sy ontblote hart in die
ribbekas kan kyk om te sien hoe
lief daardie offeraar Hom het.

Hierdie agtergrond maak die
gebeurtenis ná die Tibérias-
maaltyd soveel ryker aan
betekenis. Petrus, diep bewoë
nadat Jesus hom die derde keer
gevra het of hy Hom waarlik
liefhet, vou dan eintlik simbolies
sy borskas oop en ontbloom sy hele
hart: *Here, U weet alles, U weet dat
ek U liefhet* (Joh. 21:17). Só moet
gelowiges in die Here se huis en in
gemeenskap met Hom die heilige
nagmaal nuttig. Elkeen moet sy
eie hart ondersoek, want die Here
wil ook aan sy tafel met sy alsierende
oog elke kind van Hom se hart
inspekteer. Die gees en gesindheid
waarmee ons die heilige maaltyd
in gemeenskap met die Here
nuttig, is van kardinale belang.
So nie kan 'n mens 'n oordeel oor
jouself eet en drink!

Nie sonder rede nie vertel Jesus
die gelykenis van die koning wat
die bruilofsmaaltyd vir sy seun
berei en waaraan die genooide
gaste hulle nie gesteur het nie.
Daardie gaste was dit op die end
nie werd nie en het omgekom. Toe
die saal met mense vanaf die straat
gevol is, het die koning ingegaan
om die gaste te inspekteer. Hy het
'n man sonder 'n bruilofskleed
gevind wat geen verskoning kon
aanvoer nie. Hy is op die koning
se bevel gebind en in die buitenste
duisternis, die verdoemenis,
gewerp (vgl. Mt. 22:11-14).

Al drie hierdie etes voer ons
gedagtes terug na die laaste
maaltyd wat Jesus saam met sy
dissipels in die nag waarin Hy
verraai is, genuttig het. Dit was
juis Donderdagnag toe Jesus die
nagmaal ingestel het. Wat ons nie
mag ontgaan nie, is dat Christus
ook by daardie geleentheid 'n
baie belangrike ete-afspraak met
gelowiges van alle tye gemaak het
met die oog op sy wederkoms
en ons opstanding en vereniging
met Hom.

So dikwels as wat ons die nagmaal
gebruik, word ons aan hierdie ete-
afspraak herinner ...

Die bruilofsmaal van die Lam
*Want so dikwels as julle hierdie
brood eet en hierdie beker
drink, verkondig julle die dood
van die Here totdat Hy kom ...*
(1 Kor. 11:26).

Volgens Lukas se Evangelie-
beskrywing het Jesus uitdruklik
gesê hoe sterk Hy daarna uitsien
om daardie laaste keer, voor sy
kruisiging, saam met sy dissipels
aan tafel te kan wees. *Want,*
het Hy gesê, *Ek sal sekerlik nie*

*meer daarvan eet voordat dit in
die koninkryk van God vervul
is nie* (Lk. 22:16). Dieselfde het
Jesus ook volgens Matthéüs se
weergawe van die instelling van
die nagmaal gesê (vgl. Mt. 26:26).
Ook Markus vermeld dit in 14:25.

Met elke *nag*-maal is ons dus
ondertussen onderweg na *dag*-
maal – daardie groot en feestelike
dag vol uitbundige vreugde
wanneer ons by sy wederkoms
en ons opstanding met Hom by
die bruilofsmaaltyd van die Lam
sal aansit. In verruklike tone sien
Johannes hierdie fees van alle
feestelikhede profeties vooruit in
Openbaring 19:6-8. Bowendien
ontvang hy daarmee saam ook die
uitdruklike opdrag om as naskrif
op te teken: *Skryf – salig is die
wat genooi is na die bruilofsmaal
van die Lam. En hy sê vir my:
Dit is die waaragtige woorde van
God* (Openb. 19:9).

Die eerste ding wat gelowiges op
die nuwe aarde gaan doen, is om te
eet en te drink. Nie omdat ons juis
honger is nie, maar eerder omdat
ons so uitbundig bly sal wees en so
onnoemlik baie sal hê om te vier!

Deeglike maaltydvoorbereiding!

Gelowiges moet daarom nou al
deeglik voorberei – ook en veral
so dikwels as wat ons die nagmaal
vier, want dit is waaraan ons
herinner word en waarheen ons
onderweg is so dikwels as ons die
brood eet en die beker van die
Here drink – vir hierdie verruklike
maaltyd saam met Hom! Dit is 'n
instelling van die Here Jesus self
om ons voor te berei om gereed
te wees vir die komende groot
maaltyd saam met Hom! Amen. ☺

1. Redaksioneel verkort. Oorspronklik: EM
Viljoen, *Van angs tot ekstase* (Pretoria: Lig in
Duisternis Uitgewers, 2008), 137-143.

EN EK HET 'N NUWE HEMEL EN 'N NUWE AARDE GESIEN



Hierdie woorde van Johannes in Openbaring 21:1 laat ons regop sit. Ons is so gewoond aan die ou aarde en so moeg van al die swaarkry daarop dat Johannes se woorde ons baie opgewonde maak. In ons opgewondenheid fokus ons nou skerp op die teks om meer te wete te kom. Hoe gaan hierdie nuwe skepping lyk? Gaan dit weer 'n skepping uit niks wees, soos die eerste? Wat gaan van die ou skepping word?

'n Mens kan die leser wat Openbaring 21 verder lees nie kwalik neem as daar 'n mate van teleurstelling in die gemoed kom nie. Die beskrywing is allesbehalwe duidelik en eenvoudig. 'n Mens lees byvoorbeeld dat daar in die nuwe skepping geen see gaan wees nie. Ons lees ook van 'n stad wat uit die hemel neerdaal en wat in besonderhede beskryf word. Dit klink alles so verwarrend. Wat moet ons daarvan maak?

Om die beskrywing te verstaan, moet ons onthou dat Openbaring in 'n besondere literatuurvorm geskryf is, naamlik apokaliptiek. In hierdie literatuursoort speel simboliek 'n belangrike rol. Beelde, kleure en getalle word byvoorbeeld op simboliese wyse gebruik om 'n bepaalde boodskap oor te dra. Met hierdie kennis as agtergrond, kan ons nou weer die

teks lees. Wat leer die teks ons oor die nuwe aarde en hemel?

Dit is radikaal anders

Dit is uit die Skrif duidelik dat die nuwe skepping radikaal anders gaan wees as die oue. Dit gaan nie net 'n paar kosmetiese veranderings wees, soos byvoorbeeld dat die sonde verwyder gaan word en mense nou meer gehoorsaam gaan wees nie. Tekste soos 2 Petrus 3:10-13 laat ons verstaan dat dit 'n werklike verwoesting van die ou heelal behels, net soos die menslike liggaam deur 'n vernietigingsproses gaan. Dit blyk verder dat dit 'n verandering van die basiese struktuur van die heelal inhou, soos byvoorbeeld dat daar nie meer nag sal wees nie (vgl. Openb. 21:25; 22:5 in kontras met Gén. 8:22). Presies hoe hierdie nuwe skepping fisies daar gaan uitsien, word egter nie in besonderhede beskryf nie.

Tog nie totaal nuut nie

Ten spyte van die nuutheid van die nuwe skepping, gaan dit steeds verband hou met die ou skepping. Daar is immers sprake van 'n aarde en 'n hemel. Die oue sal steeds herkenbaar wees in die nuwe, net soos die aardse liggaam van Jesus van Násaret herkenbaar was in die verheerlikte liggaam van die opgestane Christus. Die

nuwe is egter van 'n hoër orde as die oue. Die oue is deur die sonde binnegedring, waardeur dit aan die nietigheid en verganklikheid onderwerp is (vgl. Rom. 8:20-21).

Die nuwe is nie net kwalitatief anders nie, maar bied vanweë sy ewigdurendheid 'n tuiste vir die ewige bestaan van die mens.

Afwesigheid van die Bose

Openbaring 21:1 sê dat die see nie meer deel van die nuwe skepping sal wees nie. Dit is op hierdie punt dat ons die simboliek ter sprake moet bring. Die see het in die Bybel 'n letterlike, maar ook 'n figuurlike betekenis. Dit is nie net as massa water verstaan nie, maar ook as 'n simbool van bose magte. In Jesaja 57:20 word die goddelose byvoorbeeld met 'n onstuimige see vergelyk. In Openbaring 13:1 is die Antichris beskryf as 'n dier wat "uit die see" opkom. Die feit dat die nuwe skepping geen see het nie, wil dus sê dat die Bose geen plek daar sal hê nie. Satan en sy bose magte sal geen bedreiging meer wees nie. Die ongelowige en Godvyandige mense sal ons ook nie meer kan teenstaan nie. Hulle is saam met

die duiwel in die poel van vuur gewerp (vgl. Openb. 21:8). Wat 'n vooruitsig is dit nie vir ons wat nou elke dag teen die Bose moet stry en daaglik om verlossing van die Bose moet bid nie. Dáár sal die verlossing volkome wees.

Heerlike teenwoordigheid van God

In Openbaring 21:3 lees ons dat die tabernakel van God by die mense is. Die tabernakel met die verbondsark in die Allerheiligste was in die Ou Testamentiese bedeling die simbool van God se teenwoordigheid by sy volk. Hierdie simbool het werklikheid geword toe Christus mens geword het en onder ons kom woon het (vgl. Joh. 1:14). Nadat Hy die verlossing bewerk het, het Hy na die hemel opgevaar en die Heilige Gees uitgestort wat in ons kom woon het. Ons beleef dus alreeds iets van God se teenwoordigheid by ons. En tog kom daar dae wat God vir ons afwesig voel. Openbaring stel in die vooruitsig dat ons op die nuwe aarde voortdurend in God se teenwoordigheid sal wees en volmaakte gemeenskap met Hom sal beleef.

Die afwesigheid van die Bose en die volmaakte gemeenskap met God bring mee dat die gevolge van die sondeval nie meer teenwoordig sal wees nie. Trane, dood, droefheid en moeite, wat ons daaglikse bestaan in hierdie jammerdal gekenmerk het, sal nie meer daar wees nie (vgl. Openb. 21:4).

Die oorweldigende heerlijkheid van God

In Openbaring 21:2 word die vermelding van die nuwe

hemel en aarde opgevolg deur die beskrywing van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal. Die nuwe hemel en aarde kan dus ook as die nuwe Jerusalem beskryf word. Dit is kenmerkend van apokaliptiese literatuur dat 'n vermenging van beelde plaasvind. Die stad is simbool van die kerk van die Ou en Nuwe Testament (vgl. HK So. 21 v/a 54).

Vanaf Openbaring 21:9 word die nuwe Jerusalem in besonderhede beskryf. Die eerste kenmerk van die stad is dat die heerlijkheid van God dit vul. In die Ou Testament het die heerlijkheid van God eers die tabernakel en later die tempel gevul (vgl. Ex. 40:34; 1 Kon. 8:11). Die glansryke heerlijkheid van God maak die helderste ligbronne van die ou skepping oorbodig (vgl. Openb. 21:23). Dit is 'n verdere aanduiding van sy heerlike teenwoordigheid by sy mense. Ruimte ontbreek in hierdie artikel om in al die besonderhede van die stad in te gaan. Wat wel aangetoon kan word, is die heerlijkheid van ons saligheid en die veiligheid van ons ewige verblyf in die Godstad.

Die nuwe Paradys

In Openbaring 22:1-2 verwissel die beeld weer en word vir ons 'n tuin beskryf. Daar is nie net 'n rivier van lewende water wat uit die troon van God en die Lam vloeï nie, maar die boom van die lewe in sy oorfloedige vrugbaarheid is ook daar te vind. Albei hierdie beelde herinner ons aan Génesis 1-3 en wil in geen onduidelike taal nie vir ons sê dat ons hier met die herstelde Paradys te doen het. Die mens wat eens uit die Paradys verdryf is

(vgl. Gén. 3:23-24), het nou weer daar tuisgekom.

Openbaring 22:3 bou voort op die simboliek van die Paradys deur te openbaar dat die vloek wat in die tuin van Eden uitgespreek is, nou volkome opgehef is. As gevolg van die vloek, was die ou skepping aan die nietigheid onderworpe en het gesug in die verwagting van die vrymaking van die verganklikheid (vgl. Rom. 8:20-22). Die gebroke wêreld met sy ongelooflike lyding is egter nou verby – die vloek is vir ewig verwyder. Meer nog, dit is omgekeer in seën.

Die aangesig van God

Die hoogtepunt van die nuwe skepping is dat ons God se aangesig sal sien (vgl. Openb. 22:4). Die troon van God en sy Christus is die sentrum van die nuwe skepping. Dit beteken dat die verlostes vrye toegang tot God Drie-enig het. Die innige gemeenskap met God, wat in die Paradys so wreed deur die sonde versteur is, is nou volkome herstel. Die mens wat tydens sy aardse bestaan in God, wat hy nie kon sien nie, geglo het (vgl. Joh. 20:29), sal Hom nou in al sy heerlijkheid aanskou en hom in sy teenwoordigheid verbly. Die Aäronitiese seën sal volkome ervaar word:

*... die HERE sal sy
aangesig oor jou laat
skyn en jou genadig
wees; die HERE sal sy
aangesig oor jou verhef
en aan jou vrede gee
(Núm. 6:25-26). ☺*

Prof. Koos Adendorff is hoogleraar in Ou Testament aan die AP Akademie.



... wat elkeen sal vergeld na sy werke ... (Rom. 2:6)

Ds. Jannie Bisschoff

Sal daar in die hiernamaals verskillende grade of vlakke van straf of beloning wees? Dit is 'n vraag wat deur die eeue uiteenlopende antwoorde ontlok het.

Twee standpunte

Sommige is oortuig dat dit wel die geval is. Christus praat byvoorbeeld van groot loon in die hemele vir diegene wat ter wille van hul geloof vervol word (vgl. Mt. 5:11-12) en 'n swaarder oordeel oor die Joodse leiers weens hul skynheiligheid (vgl. Mt. 23:14). Volgens hierdie siening sal God dus elkeen vergeld op grond van die werke wat hy of sy op aarde gedoen het.

Diegene wat goed gedoen het, sal beloon word en hulle wat sleg gedoen het, sal gestraf word: Hoe beter die lewe, hoe groter die beloning, maar hoe slegter die lewe, hoe groter die straf.

Ander leer weer dat daar geen verskil sal wees in die uiteindelijke heerlikheid of oordeel wat elkeen sal ontvang nie. Hulle beroep hulself onder meer op die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende tye gehuur word, maar tog aan die einde van die dag presies dieselfde betaling ontvang (vgl. Mt. 20:1-16).

Verder kan gelowiges volgens hierdie siening in elk geval niks méér doen as wat die Here

reeds van hulle verwag nie, daarom is hulle “onverdienselike diensknegte” wat slegs gedoen het wat hulle “verplig was om te doen” (vgl. Lk. 17:10).

Watter een van hierdie sienings is reg?

Onderskeid tussen gelowig en ongelowig

Die Bybel verklaar onomwonde dat mense (en volgens tekste soos 1 Kor. 6:3 en 2 Petr. 2:4, beide die gehoorsame en gevalle engele) geoordeel sal word. Dit geld ook nie net vir die ongelowiges nie. Wanneer Paulus in 2 Korinthiërs 5:10 verwys na almal wat voor die regterstoel van Christus moet verskyn, verwys hy spesifiek na gelowiges.

Weerspreek dit nie die Here Jesus se verklaring dat die gelowiges reeds die ewige lewe het en nie in die oordeel kom nie (vgl. Joh. 5:24)? Nee, Paulus sê ook dat daar geen veroordeling is vir dié wat in Christus Jesus is nie (vgl. Rom. 8:1). Daarom hoef gelowiges nie die oordeelsdag te vrees nie. Daar sal eenvoudig op daardie dag 'n uitspraak gelewer word aangaande elkeen se eindbestemming: Die ewige

heerlikheid saam met God vir die gelowiges of die ewige pyniging onder God se oordeel vir die ongelowiges.

Onderskeid volgens werke

Tog word daar nie by die oordeelsdag net onderskeid gemaak tussen geloof en ongeloof nie, maar ook volgens die werke wat elkeen gedoen het. Christus sê dat die een wat weet wat van hom verwag word, maar dit nie doen nie, swaarder gestraf sal word as die een wat onkundig is (vgl. Lk. 12:47-48). Veral hulle wat die evangelie van Jesus Christus aktief verwerp het, sal 'n groter straf ontvang (vgl. Hebr. 10:29). Dit is nie te sê dat die onkundiges hulself eindelik voor die regterstoel van Christus sal kan verontskuldig nie. God het Homself immers deur sy skepping bekendgemaak, maar die mens het steeds gekies om Hom te verwerp (vgl. Rom. 1:18-21). Die onkundiges word daarom steeds veroordeel, hoewel die graad van hul oordeel op die een of ander wyse ligter sal wees as dié wat saam met die algemene openbaring van die natuur, ook die besondere openbaring van God se Woord verwerp het. Hier kan ons byvoorbeeld dink aan

die Jode wat die Messías verwag, maar Hom tog gekruisig het of iemand wat in 'n Christelike huis grootgeword het, maar steeds die rug op God draai.

As die graad van die ongelowiges se straf deur hul dade bepaal word, beteken dit dat daar ook grade of vlakke van beloning vir die gelowiges sal wees? Vanuit die gelykenisse van die talente (vgl. Mt. 25:14-30) en ponde (vgl. Lk. 19:11-26) lei ons af dat burgers van God se koninkryk reeds in hierdie lewe verskillende verantwoordelikhede en voorregte in diens van hul Koning ontvang. Net so is daar ook op die dag van afrekening verskillende belonings wat ooreenstem met die diens wat hulle gelewer het. Net soos die gelykenis van die arbeiders (vgl. Mt. 20:1-16), bevestig hierdie gelykenisse onder meer God se reg om sy gawes uit te deel soos wat Hy goeddink.

Tekste soos Matthéüs 8:11; 19:28 en Openbaring 21:14 leer dat die besondere voorregte wat die Here in hierdie lewe aan gelowiges gegee het, selfs in die toekomstige lewe in herinnering gebring word. Die aartsvaders, profete en apostels beklee in die hiernamaals steeds belangrike rolle.

Werkheiligheid?

Is ons nie besig om 'n streep deur die verlossing uit genade alleen te trek as ons sê dat die werke van gelowiges beloon sal word nie? Wat maak ons met uitsprake soos dié van Paulus in Efésiërs 2:8-9 wat sê:

Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe

van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie?

Hierin gee die Heidelbergse Kategismus (So. 24 v/a 63) vir ons leiding. Ons lees dat God ons goeie werke “in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon”. Tog verdien ons niks met ons goeie werke nie, want God se beloning “word nie uit verdienste gegee nie, maar uit genade” geskenk. Aangesien ons onverdienstelike diensknegte is (vgl. Lk. 17:10) wie se beste werke steeds met sonde beplek is (vgl. Rom. 7:21), kan daar geen sprake van verdienste wees nie, slegs van genade. In die Nederlandse Geloofsbelydenis word hierdie beloning “genadige vergelding” genoem (art. 37). Selfs al kon ons volmaakte werke doen, sou ons steeds niks daardeur verdien het nie, want ons het net gedoen wat ons verplig was om te doen.

Sal God waarlik onvolmaakte werke beloon? Iemand het hierdie vraag met die volgende beeld beantwoord: Gestel 'n kleuter verf 'n prent en gee dit vir sy moeder. Gaan sy hom kritiseer omdat dit nie 'n Rembrandt of Vermeer is nie? Nee, sy gaan hom prys en die prent teen die yskas vassit, want sy weet hy het dit met liefde na die beste van sy vermoë geverf. Al skiet ons werke ver tekort, weet ons hemelse Vader ook wanneer ons dit in liefde na die beste van ons vermoë doen en uit genade sal Hy daardie werke in die ewigheid beloon, al is dit nie meesterstukke nie.

Genadige beloning

Ons moet daarom nie aan hierdie beloning dink as iets wat God verplig is om aan die gelowiges

te gee omdat hulle goeie werke dit afdwing nie. Onthou: Selfs die goeie werke wat ons doen, kom nie uit onself nie. Hy werk in ons om te wil en te werk na sy welbehae (vgl. Filip. 2:13). *Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het ...* (Efés. 2:10). Alles is en bly genade.

God gee reeds vir ons die grootste gawe denkbaar, naamlik die verlossing in Jesus Christus. Enige beloning wat Hy daarmee saam vir ons gee, is “genade op genade” (vgl. Joh. 1:16). God gee nie vir ons wat ons verdien nie (wat eintlik 'n ewigheid in die hel is), maar dit wat Christus met sy volmaakte lewe, sterwe en opstanding verdien het (ewige heerlikheid saam met God). Die motief vir die doen van goeie werke is daarom nie die beloning wat God uit genade sal gee nie, maar dankbaarheid vir die genade wat reeds ontvang is.

Wat 'n bemoediging om te weet dat ons arbeid vir die Here nie verniet is nie (vgl. Filip. 2:16). Hy sien elke lewe van dankbaarheid raak en sal ons op die laaste dag bo verdienste beloon op grond van die werk van Jesus Christus. Op daardie dag sal daar geen plek vir jaloesie wees omdat sommige gelowiges groter beloning as ander ontvang nie. Daar sal eerder vreugde wees oor elke werk van ewigheidswaarde wat tot eer van God gedoen is, terwyl ons vol verwondering die Here loof vir sy goedheid waardeur Hy aan onverdienstelike diensknegte soos ons die ewige lewe uit genade skenk. ☺

Ds. Jannie Bisschoff is leraar van die AP Kerk Gordonia.



Is ek dadelik by Jesus as ek sterf?

Ds. Durandt Pieterse

Die vraag of ek dadelik by Jesus sal wees wanneer ek my laaste asem uitblaas, is eerstens die vraag van 'n kind van die Here. Maar wie is hy of sy?

'n Kind van die Here is dié persoon vir wie die Here Jesus aan die kruis gesterf en die beker van God se toorn leeggedrink het (vgl. Lk. 22:42). Dit is ook in die hart van dié individu wat die Heilige Gees die gawe van geloof uitstort waardeur aanneming tot kinders plaasvind (vgl. Rom. 8:15).

Hoewel die bogenoemde vraag vir die ongelowige droewig klink, wek dit groot opwinding vir 'n kind van die Here. Kom ons kyk na hierdie vraag vanuit beide die Ou en die Nuwe Testament.

Ou Testament

In die Ou Testament word die plek waarheen die afgestorwenes direk ná hul dood gaan, aangedui deur die Hebreeuse woord *sjeool*. In die Nuwe Testament dui die Griekse woord *hades* dieselfde begrip aan. In die Afrikaanse vertaling word die woord gewoonlik vertaal met “doderyk”.

Ons lees onder meer van die doderyk in Génesis 37:35 waar Jakob sê: *Nee, treurende sal ek na my seun in die doderyk afdaal*. In 2 Samuel 12:23b-c treur koning Dawid oor die dood van sy seun en sê: *Sal ek hom nog kan terugbring? Ek gaan na hom, maar*

hy sal na my nie terugkeer nie. Volgens Deuteronomium 32:50 is Moses ook daar versamel: ... *en word versamel by jou volksgenote, soos jou broer Aäron gesterf het op die berg Hor en versamel is by sy volksgenote ...*

Selfs die koning van Babel het volgens Jesaja 14:9 die doderyk in beroering gehad oor sy aankoms daar. Die doderyk is daarom nie net 'n plek vir gelowiges nie, maar ook vir die ongelowiges. Watter lig werp die Nuwe Testament op dié saak?

Nuwe Testament

Daar is veral een plek in die Nuwe Testament waar Jesus self die sluier vir ons wegtrek rakende die gelowige se toestand direk ná die dood.

In Lukas 23:43 sê Hy vir die misdadiger: ... vandag sal jy saam met My in die Paradys wees.



Is die paradys dieselfde as die doderyk vir die gelowiges?

Ons lees drie keer in die Nuwe Testament van die Paradys (Lk. 23:43; 2 Kor. 12:4; Openb. 2:7). Ná die sondeval het God toegang tot die Paradys vir die sondige mens onmoontlik gemaak deur géruks voor die ingang te plaas om dit te bewaak (vgl. Gén. 3:24). Só het dit vir die mens ontoeganklik geraak, maar dit is vervang deur die hemelse paradys, die geestelike verblyf van saligheid waar God teenwoordig is.

Paulus praat in 2 Korinthiërs 12:4 van die Paradys en die derde hemel in dieselfde asem as die woonplek van God. Die Paradys waarvan Jesus in Lukas 23 gepraat het en waarvan Paulus praat, is dus daardie deel van die doderyk waarheen afgestorwe gelowiges gaan en waar hulle in voortdurende omgang met God verkeer.

Dit is ook die plek waarvandaan die Here Jesus die siele van die ontslape heiliges sal bring wanneer Hy tydens sy wederkoms na die aarde terugkeer (vgl. 1 Thes. 4:13-18).



1 Thessalonicense 4:14 sê:
Want as ons glo dat Jesus
gesterwe en opgestaan het,
dan sal God ook so die
wat in Jesus ontslaap het,
saam met Hom bring.

Hier in die Paradys sal die
ontslapenes in gees (sonder
liggaam) in afwagting wag op
daardie dag van die hereniging
met hul verheerlikte liggame om
dan die hemel self en sy volsalige
en volmaakte heerlijkheid binne
te gaan (vgl. 1 Thes. 4:17). Die
Paradys is reeds vol hemelse
saligheid, maar wanneer die Here
Jesus neerdaal met 'n geroep en
met die geklank van die basuin
van God (vgl. 1 Thes. 4:16), sal

dit nog voller en heerliker wees
wanneer verheerlikte liggame ook
daaraan deel kry.

Wanneer ons al die bogenoemde
Skrifgedeeltes in ag neem, dan is
ons antwoord op die aanvanklike
vraag eenvoudig: Ja, ek is dadelik
by Jesus wanneer ek sterf, maar
daar wag iets beter vir my met
sy wederkoms. ☺

Ds. Durandt Pieterse is medeleraar van die
AP Kerk Orania.



PURITEINSE WYSHEID in jou hand

Koop vandag 'n keramiekbeker met 'n
aanhaling van 'n Puriteinse steunpilaar

www.liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis
UITGEWERS



R90
per beker



LEWENSREG TE KOOP



SMIRNA
Dord

Jy is ryk in Christus

**WONDERLIKE
BESKOSTIGBARE HUISE
TUSSEN JOU EIE MENSE BY
DIE KERK VAN JESUS
CHRISTUS
AP KERK TRANS-MAGALIES**

- Sentrale ligging in 'n gebied met 'n lieflike klimaat;
- Naby hospitale en groot inkoopcentrums;
- Lae heffings.

R 785 000 2-SLAAPKAMER EENHEID.

R 620 000 1-SLAAPKAMER EENHEID.




Vir meer inligting skakel:
☎ Minette - 064 618 5163



AKTIEF VIR AP KERK

STAP • DRAF • FIETSRY

Is jou fiets en tekkies gereed vir
die eerste Aktief vir AP Kerk
virtuele uitdaging?

Van Januarie tot Maart 2026 kry
jou gemeente die kans om hul
staal te wys! Elke kilometer wat
jy doen, tel vir jou gemeente se
groot totaal én dit stoot jou na
die volgende vlak van fiksheid.

R400 PER INSKRYWING EN JY KIES TUSSEN
KOUSSE OF 'N BUFF AS JOU PRYS.

INSKRYWINGS SLUIT: 28 NOVEMBER 2025

Georganiseer deur die
AP Kerke van Krugersdorp en Hoopstad.



DIE GEMEENTE MET DIE
MEESTE KILOMETERS
(STAP/DRAF EN FIETSRY)
ONTVANG WISSELTROFEES
EN 5% VAN DIE TOTALE
WINS

STAP • DRAF

100km	Vlak 1	600km
200km	Vlak 2	800km
300km	Vlak 3	1000km

FIETSRY

100km	Vlak 1	600km
200km	Vlak 2	800km
300km	Vlak 3	1000km

VOLG ONS

KONTAK ONS






aktiefvirapk@gmail.com



Soek jy 'n kort, boeiende oorsig van die Christelike kerk se geskiedenis?

Kerkgeskiedenis 101: Twintig eeue se hoogtepunte is die antwoord!

Slegs
R90

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Hiernamaals: Wat sal ons wees en wat gaan ons doen?

Ds. Pieter van Deventer

Ek staan saam met die ander roubeklaers in die warm son. Die diens is pas verby. Die begrafnisondernemer, wat alreeds te veel gesê het, kom nader gestap. “Sy is nou in die hemel tussen al die ander engeltjies.” My hart sink dieper in my borskas weg. Wat moet ek sê? Is dít nou regtig die manier om die dooies te eer – om hul lewe in die hiernamaals af te water tot die teologie van Disney-films?

Die werklikheid is dat baie mense verkeerde idees en verwagtinge het oor wat gelowiges in die hiernamaals sal wees en doen. Wat moet ons sê? Dit is belangrik om te begin deur te vra wat die Bybel oor hierdie onderwerp leer.

Wat die Bybel nie leer nie

Mense het verskillende verkeerde idees oor die hiernamaals. Sommige idees is eintlik lagwekkend, ander is meer ernstig.

1 Gelowiges word engele.

As ’n gewilde rugbyspeler sterf, is meer sentimentele mense geneig om te sê dat die engele se A-span nou ’n nuwe speler bygekry het. Sulke praatjies kan natuurlik nie met die Bybel versoen word nie. Daar is nie ’n enkele vers in die Bybel wat leer dat ’n mens by sy afsterwe in ’n engel verander nie. Die Bybel leer ons wel van engele, maar hulle is wesens wat deur God geskape is en heeltemal onderskeie van die mensdom is (vgl. Ps. 8:6; Hebr. 1:14; 2:16; NGB art. 12).

2 Jy kom staan voor ’n groot goue hek. Hierdie idee is ietwat van ’n karikatuur

wat in kinderfilms en soortgelyke plekke voorkom.

Tog is daar mense wat op ’n vae manier glo dat wanneer jy sterf, jy eers voor ’n groot poort wat deur ’n engel bewaak word, te staan sal kom. Die engel sal jou goeie en slegte werke dan met mekaar vergelyk en besluit of jy hemel of hel toe moet gaan.



Sommige aspekte van hierdie beeld is dalk beïnvloed deur die Bybel (dink bv. aan die poort van Eden wat deur gérubs bewaak word; vgl. Gén. 3:24). Die Bybel leer egter duidelik dat die poort na die hemel vir ons in hiërdie lewe oop- of

toegemaak word (vgl. Mt. 7:13-14; Lk. 16:19-31; Joh. 10:9).

3 Ons sal op wolkies rondsweef en op harpe speel. Hierdie idee is eerder afkomstig uit die romantieke kuns van die 19de eeu as uit die Bybel. Die idilliese prentjie van naakte babatjies wat op sagte wolke lê en harp speel, is nie iets wat die Bybel leer nie. Die Bybel noem harpe in die hiernamaals (vgl. Openb. 5:8), maar oor wolke is daar niks nie. Ons sal beslis in die hiernamaals musiek maak, maar ons moet versigtig wees om nie ons idee van die hiernamaals uit skilderye af te lei nie.

4 Mense in die hemel kommunikeer met mense op die aarde. Hierdie idilliese idee vind ons nêrens in die Skrif nie. Soms skryf mense briefies vir geliefdes wat gesterf het. Ek was eenmaal by ’n begrafnis waar die dominee selfs in die gebed met die afgestorwene gepraat het. Dit is glad nie wat die Bybel ons oor die hiernamaals leer nie. Ons het geen rede om te dink dat die mense in die hemel enigsins met die mense op die aarde kommunikeer nie.

5 **Ons sal rondstaan en niksdoen.** Gelowiges dink ook soms, sonder dat hulle dit noodwendig bedoel, dat die hiernamaals maar 'n vervelige plek sal wees. 'n Sekere dominee praat tergend van die meeste Christene se idee van die hemel as 'n "leë parkeerarea". Daar is niks om te doen nie en ons moet net rondsit en dit geniet (alhoewel niemand weet wat dit is wat ons moet geniet nie). Maar, soos ons sal sien in die res van hierdie artikel, pas dit ook nie by wat die Bybel leer nie.

Hemel of aarde?

In sy boek, *Heaven Misplaced*, praat Douglas Wilson van Christene wat in hierdie lewe rondgaan en sê: "Hierdie wêreld is nie my tuiste nie – ek is op pad na 'n ander een toe." Hoewel sulke sentimente hul plek het, daag hy mense uit om te herbesin. Hy reken dat ons eerder eendag in die hemel sal sê:

"Hierdie wêreld is nie my tuiste nie – ek is op pad na 'n ander een toe."

Die Bybel sê nie dat ons vir altyd en altyd as liggaamlose siele in die hemel sal wees nie. Ons sal eendag, met die wederkoms, liggaamlik uit die dood opstaan (vgl. 1 Kor. 15:20-23). My ewige toekoms is nie net geestelik nie, maar ook fisies. So fisies soos Jesus se liggaam was nadat Hy uit die dood opgewek is – daardie liggaam wat Thomas se vingers betas het – so fisies sal my liggaam ook wees. Die Here Jesus is opgewek as die "eersteling" (vgl. 1 Kor. 15:20). Soos Hy opgestaan het, sal ons ook opstaan.

Met ons fisiese liggame sal ons ook op 'n fisiese aarde woon. In Openbaring 21 vertel die apostel Johannes van die visioen wat hy van die ewige tuiste van die mensdom gesien het:

En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan ... En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.

Die Bybel eindig nie met die vernietiging van die aarde, sodat ons vir altyd as siele by God in die hemel kan wees nie. Die Bybel eindig by 'n nuwe aarde met bome en riviere (vgl. Openb. 22:1-2) waar God en mens saam woon.

Douglas Wilson is reg: As ons sterf, sal ons siele vir 'n tyd by God in die hemel wees, maar dit is nie ons ewige tuiste nie. Met die wederkoms sal God deur sy grote krag ons dooie liggame opwek. As volledige mense (liggaam en siel) sal ons saam met Hom in ewige vreugde op die nuwe aarde woon: 'n Wêreld sonder einde!

Wat sal ons doen?

Die grootste vreugde en genot wat ons op die nuwe aarde sal hê, is God self. Uiteindelik sal ons Hom ken, aanbid, verheerlik en geniet soos ons nou maar net begeer om te doen. Op die nuwe aarde sal die liefde van God sonder enige besmetting van die sonde in ons harte opborrel en ons hele lewe oorneem. Daar sal niks wees wat ons van God skei nie. Ons sal Hom sien in al sy heerlijkheid. Dit is die vreugde waarna ons uitsien – die vreugde wat al ons lyding soos 'n druppel melk in die see sal oplos.

Is daar enigiets anders wat ons sal doen? Wat van werk en wat van swem? Wat van kampvure, sing, bergklim en lag? Wat van rooibruin grond tussen jou tone? Die Bybel gee nie vir ons al die antwoorde nie, maar gee tog vir ons genoeg stof tot nadenke. Wat is op die nuwe aarde wat God skep? Ons lees van bome en riviere (Openb. 22:1-2), maar is dit al? Ek weet nie. Ek weet wel dat God se eerste aarde pragtig is. Daar is soveel goeie dinge in hierdie skepping. Sal God se tweede aarde 'n antieklimaks wees? Beslis nie!

Wat sal ons dan doen? Ons weet nie presies nie, maar daar sal genoeg wees om te doen. Ons sal God geniet. Ons sal mekaar geniet. Ons sal die skepping geniet. Ons sal ook die nuwe aarde "bewoon en bewerk" soos Adam en Eva dit voor die sondeval gedoen het. Dit sal ons doen, sonder om vir 'n oomblik verveeld te wees. ☺

Ds. Pieter van Deventer is leraar van die AP Kerk Grootfontein (Tvl.).

SMELTOOND

• November 2025 •

Deur prof. Gerrit Smit



'n Plek, nie 'n toestand nie!

In 'n wêreld waar geloofsoortuigings al hoe meer benader word asof dit van die meerderheidsiening afhang, is dit noodsaaklik om as Christene duidelik te formuleer waarom geloof in die letterlike bestaan van die hemel 'n fundamentele waarheid in die Bybelse leer is. Die Bybel bied 'n perspektief op die hemel as 'n werklike plek, wat voorberei word deur Christus self, waar gelowiges in ewige gemeenskap met God sal verkeer. Hierdie waarheid is nie opsioneel vir die geloof nie, want dit anker die eskatologiese verwagting, morele lewe en troos van die kerk deur die eeue heen in die belydenis van wat die Bybel daarvoor leer.

Teoloë se sienings

Verskeie teoloë verwerp die tradisionele Christelike begrip van die hemel as 'n werklike plek en beskou die hemel as 'n toestand of ervaring van Goddelike teenwoordigheid, eerder as 'n ruimtelike werklikheid, soos byvoorbeeld Karl Rahner, Paul Tillich en Rudolf Bultmann. Hoewel Jürgen Moltmann wel die hemel in verband bring met die komende koninkryk van God, beklemtoon hy die eskatologiese karakter van die skepping wat volgens hom nog herskep moet word en gevolglik nog nie bestaan nie. Daarom lees baie Moltmann se standpunte oor die hemel dat hy 'n toestand van uiteindelijke versoening verstaan, eerder as 'n fisiese "plek".

Sommige meen ook dat NT Wright die hemel as 'n fisiese plek verwerp. Dit is egter duidelik as 'n mens NT Wright se werke self lees, dat hy nié die hemel as 'n fisiese plek

verwerp nie. Hy kritiseer wel die tradisionele siening van die "hemel as eindbestemming" omdat Hy meen gelowiges deel nou reeds in die werklikhede van die oorwinning en hoef nie te wag totdat hulle "eendag" daar kom nie. Hy beklemtoon dat die "finale hoop" die nuwe hemel en aarde is, en dat die konsep "hemel" dikwels verkeerd verstaan word. Sommige interpreteer Wright gevolglik verkeerd asof hy die hemel net as 'n toestand verstaan. Wright meen wel dat die hemel nou die plek is waar Christus is, en dus werklik en liggaamlik verkeer, al is dit in 'n ander, geestelike dimensie.

Die Bybel se voorstelling

Die Skrif leer konsekwent dat die hemel nie slegs 'n abstrakte toestand van geluk of geestelike bewussyn is nie, maar 'n fisiese bestemming. Jesus self sê: *In die huis van my Vader is daar baie wonings ... Ek gaan om vir julle plek te berei* (Joh. 14:2). Hierdie taal impliseer 'n fisiese werklikheid.

Uit 'n logiese oogpunt is dit onmoontlik om te beweer dat Christus ná sy hemelvaart bloot na 'n "toestand" gegaan het, en nie na 'n werklike plek nie. Hierdie idee sou die werklikheid van sy menswording, die werklikheid van sy verheerlikte liggaam en die aard van sy "voorbereiding van ons plek", ondermyn.

Die wederkoms vereis 'n fisiese plek

Die Skrif leer dat Christus weer sal kom "vanaf die hemel" (1 Thes. 4:16; Hand. 1:11). As die hemel slegs 'n geestelike toestand is, waarvandaan kom Hy dan terug? Slegs 'n werklike, geografies-bestaande hemel kan

die vertrekpunt vir 'n toekomstige wederkoms in liggaamlike vorm wees. Anders sou die wederkoms simbolies of allegories wees, wat die fisiese opstanding van die gelowiges ook ondermyn.

Die geloof in die hemel is nie net 'n troos dat iets beter eendag op ons wag nie, maar 'n etiese motivering in die hede. Matlock merk op dat baie mense, selfs ongelowiges, graag wil glo dat die hemel werklik bestaan: "They hope it's true. They tell their kids that 'Granny is in heaven now'." Maar vir gelowige Christene gaan dit nie oor 'n sentiment om te troos oor die dood nie, maar oor sekerheid gegrond op Christus se opstanding, want so seker as wat Christus opgestaan het, sal ons ook opstaan. Die wete dat ons bestemming in Christus verseker is, bied vir ons troos én morele aansporing. Dit rig gelowiges se gedrag en gee betekenis aan lyding, want ons burgerskap is in die hemel (vgl. Filip. 3:20). Gelowiges leef dus met 'n ewigheidsdoel voor oë in die lig van God se finale herskepping.

Deur alle eeue so bely

Die ontkenning van die hemel as 'n fisiese, werklike plek waar Christus tans regeer, is nie bloot spekulاسie nie. Nee, dit raak aan die kern van die Christelike geloof: die vleeswording, die hemelvaart, die versoening, die wederkoms en die ewige heerskappy van Christus. Daarom bely die ware kerk deur alle eeue: Christus leef nou, in liggaam en gees in die hemel en Hy kom weer, liggaamlik, uit die hemel. ☺

1. <https://bit.ly/47qSfuW>. Redaksioneel verkort. Bronverwysings beskikbaar op die webblad.



Herken ons mekaar ná die dood?

Ds. Nico Swart

Wanneer gelowiges met die dood van 'n geliefde te doen kry, is daar dikwels vrae wat opduik. Een vraag wat gereeld gehoor word, is: “Gaan ons mekaar herken nadat ons gesterf het?” Wat kan ons uit die Skrif leer in antwoord op hierdie vraag?

Die ryk man herken vir Abraham en Lasarus

In Lukas 16 lees ons die gelykenis van die ryk man en Lasarus. Vanuit die gebeure in hierdie gelykenis kan 'n paar afleidings gemaak word. Uit die gelykenis is dit nie duidelik of die ryk man vir Lasarus geken het voordat hulle gesterf het nie. In die gelykenis self word slegs genoem dat die siek bedelaar Lasarus by die ryk man se poort gelê en na die ryk man se voedsel verlang het (v. 21).

Dan sterf beide Lasarus en die ryk man. Volgens vers 23 het die ryk man vir Abraham en Lasarus ná sy dood herken. Hoe die ryk man vir Abraham herken het, is nie duidelik nie. Hy het hom tog nie voorheen ontmoet nie, want hulle was nie tydgenote nie. Abraham het ongeveer 1 500 jaar gelede reeds gesterf. As die ryk man egter met Abraham praat, noem hy hom by sy naam (v. 24).

Die ryk man herken ook vir Lasarus – dieselfde Lasarus wat by sy poort gelê het. 'n Moontlike afleiding wat gemaak kan word, is dat die ryk man op 'n stadium vir Lasarus gesien het toe hy by die poort in- of uitbeweeg het.

Hy noem ook vir Lasarus by sy naam (v. 24).

In vers 25 lees ons Abraham se antwoord op die ryk man se versoek dat Lasarus net sy tong met water moet aanraak. Abraham sê: *Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte.* Die implikasie van hierdie woorde is dat Abraham wel vir beide Lasarus asook die ryk man herken het.

Moses en Elía

In Lukas 9:28-36 word vertel van 'n gebeurtenis waar Moses en Elía in herkenbare vorm saam met die Here Jesus tydens die verheerliking op die berg verskyn het.

Lukas 9:30 vertel spesifiek dat die dissipels die twee manne as Elía en Moses herken het. In Lukas 9:33 word dit deur die woorde van Petrus duidelik:

... laat ons dan drie hutte maak, een vir U en vir Moses een en een vir Elía ...

Johannes herken die martelare

Openbaring 6:9 vertel van martelare wat ter wille van

hul geloof gedood is. Hulle was vir Johannes herkenbaar, al was hy nog nie dood nie. Openbaring 6:11 vertel verder dat aan hulle gesê word dat hulle moes wag totdat ander martelare soos hulle nog gedood sou word. Wanneer daardie martelare dan by hulle aansluit, sou hul getal voltallig wees.

Hulle het mekaar herken en sou weet wie die ander martelare is wat bygevoeg sou word.

Jesus self is herken

Ná die Here Jesus se dood en opstanding, is Hy ook verskeie kere deur mense herken. 'n Hele aantal teksgedeeltes vertel van geleenthede waar mense Hom herken het.

In Matthéüs 28 byvoorbeeld, word daar van twee geleenthede gepraat. Vers 10 vertel van twee vroue wat Hom herken het en later in vers 17 lees ons dat die dissipels Hom herken het. Lukas 24 vertel van die twee Émmaüsgangers wat Hom eers nie herken het nie, maar nadat Hy by

Ds. Nico Swart is leraar van die AP Kerk Pretoria-Oos.

Vervolg op bl. 19 >>

VERGAAN
VERLAAT
VERLANGE
VORSTE
VROLIK
WANDEL
WENTEL
WET
WOORD

RUIMTE
 SMADER
 SPREEK
 STOF
 VERKIES
 VERLEEN
 VERRUIM
 VERTEL
 WAARHEID

SOET
STRIKKE
STUKKE
SMAG
TOEGEDIG
TROOS
VANDAG
VOETE
WYD
WYSER

SOET
STRIKKE
STUKKE
SMAG
TOEGEDIG
TROOS
VANDAG
VOETE
WYD
WYSER

[illegible]



Is hemelbewoners bewus van aardbewoners?

Ds. Emilè Trollip

Wanneer die kis in die graf afsak, is die lewenswandel op aarde verby. Die oorblywendes sal vir 'n laaste keer in die kerk kom huil en met byeenkomste hul trane agter vrolike herinneringe wegsteek.

Tydens die diens eggo die kragtige trooswoorde vanaf die kansel: Die dood is nie die einde nie! Die gelowige leef met die salige hoop dat ons geliefdes wat in die Here Jesus Christus ontslaap het, in Hom lewe (vgl. 1 Thes. 4:14-16; 1 Kor. 15:22). In pastorale gesprekke by die dood van 'n geliefde, is dit daarom nie ongewoon nie om te hoor: “Die ontslape hemelbewoner kyk neer op sy geliefdes in hierdie wêreld.”

Die gedagte dat die hemelbewoners die aardbewoners sien, gee vir baie ontroosbare mense 'n manier om aan te gaan. Ons moderne digters (die musikante) sing van ons geliefdes wat soos die engele, ons bystaan in ons aardse stryd.

Is die hemelbewoner daar in die lieflike teenwoordigheid van die Almagtige besig om met hul “alomteenwoordige” oë op die aardbewoner neer te kyk? Om die antwoord op hierdie vraag te kry, verg 'n diep bepeinsing oor die verborge dinge in die Heilige Skrif.

Wat doen hemelbewoners?

Sommige sien in Hebreërs 12:1 die gedagte dat ons geliefdes vanuit die hemel op ons neerkyk.

Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê ...

Die groot wolk van getuïenis volgens Hebreërs 11 is die helde van geloof wat voor ons gekom en al ontslaap het. Party geleerdes se verklaring is dat die helde soos 'n groot skare ondersteuners neerkyk en ons aanmoedig om die lewenspad in Christus te voltooi.

Die meer juiste interpretasie van Hebreërs 12:1 is dat hierdie helde se *geloof* tot ons getuïenis dien. Hulle lewenswandel leer die kind van God die waarde van 'n lewe in geloof. Die teks sê nie dat die helde vanuit die hemel op ons neerkyk en ons aanmoedig nie. Met hul lewenswandel as getuïenis kan ons ook ons stryd op aarde voer.

Wat sien hemelbewoners?

Lukas 16:19-31 word ook as bewys gebruik dat diegene in die hemel en hel weet wat op die aarde gebeur. In hierdie gedeelte vertel ons Here Jesus 'n gelykenis van die ryk man en Lasarus. Gelykenisse

was Christus se manier om waarhede oor te dra. In hierdie gelykenis bevind die ryk man homself in die doderyk. Vanuit die doderyk sien hy Lasarus aan die boesem van Abraham. Die ryk man vra vir Abraham om Lasarus na sy vader en broers te stuur om hulle te waarsku.

Dit blyk of die ryk man bewus was dat sy broers se lewenswandel nie reg was voor God nie. Dit is egter nie die boodskap van die gelykenis nie. Die gelykenis sê nie dat die ryk man sy broers vanuit die doderyk *aanskou* het nie, maar van hulle *weet*. Die gelykenis leer dat as die broers nie na die Skrifte luister nie, sal hulle ook nie na die dode luister nie.

Die deelname van die hemelbewoners?

Oor die ontslapenes skryf die Prediker:

... vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie (Pred. 9:6).

Vir baie beantwoord hierdie teks die vraag finaal. Uit die konteks is dit egter nie so duidelik nie. Sommige maak die regverdige opmerking dat die Prediker slegs beskryf hoe die lewendes 'n voordeel bo die dooies het. Die

Ds. Emilè Trollip is leraar van AP kerke Ottosdal, Coligny en Sannieshof.

[Vervolg op bl. 19 >>](#)



Hoe oud gaan ons in die hiernamaals wees?

Ds. Schalk Strauss

Hierdie is een van daardie vrae wat eintlik niks met ons saligheid te doen het nie, maar tog die nuuskierigheid van gelowiges prikkel. Is babatjies en kinders wat sterf, byvoorbeeld ook babatjies en kinders in die hiernamaals? Sal daar enigsins kinders en “oumense” op die nuwe aarde wees?

Wat leer die Bybel?

Die Bybel gee nie vir ons ’n klinkklare antwoord oor die onderwerp nie, maar gee wel vir ons leidrade. Ons lees byvoorbeeld dat gelowiges verheerlikte liggame sal ontvang:

- Hierdie liggaam sal ons sterflike, swak en verganklike liggame vervang met ’n onverganklike, heerlike en kragtige liggaam wat nie meer onder die invloed van die sondeval gebuk gaan nie (vgl. 1 Kor. 15:42-44).
- Hierdie liggaam sal wees soos die liggaam waarmee Christus ná sy opstanding bekleed is. Hy is immers met daardie liggaam in die hemel opgeneem en is tans met daardie liggaam in die hemel aan die regterhand van die Vader (vgl. Filip. 3:20-22).
- Wanneer Christus met sy wederkoms verskyn, sal ons soos Hy wees (vgl. 1 Joh. 3:2)

Die Bybel lê dus nie klem op ’n spesifieke ouderdom nie, maar beskryf eerder die toestand van ons verheerlikte liggame as “volmaak” – in alle opsigte dieselfde as Christus se liggaam.

Dit is ’n liggaam sonder sonde, swakheid of gebreke. Hieruit kan ons aflei dat daar waarskynlik nie mense met verheerlikte baba- of bejaardeliggame in die hiernamaals sal wees nie, aangesien die liggaam in daardie vorm onder swakheid gebuk gaan. Babas en bejaardes se liggame is immers broos – eersgenoemde omdat dit nog ontwikkel en laasgenoemde omdat dit al afgetakel is.

Op grond hiervan is daar baie wat reken dat hierdie verheerlikte liggaam min of meer dié van ’n gesonde 30-jarige sal wees aangesien dit ongeveer die stadium is wanneer die liggaam volledig ontwikkel is. Daar is sommige wat hierdie aanname ondersteun weens die feit dat dit ook die ouderdom is waarop Christus aan die kruis gesterf het.

Wat sê die kerkvaders?

Bogenoemde standpunte word ondersteun deur uitsprake van die kerkvaders, die Hervormers en die Puriteine.

In sy werk *City of God* (22.14) skryf die kerkvader Augustinus van Hippo (354-430):

“Die liggaam sal dus opstaan volkome in al sy dele ... geen gebrek of misvorming sal sy skoonheid bederf nie ... Almal sal opstaan in daardie toestand van die liggaam wat hulle sou gehad het as hulle die volle maat van die gestalte van Christus bereik het. Want ons sal almal kom tot die volmaakte mens, tot die mate van die volle grootte van Christus ... Daar sal geen kinderjare of ouderdomsverswakking wees nie ... So, hoewel die liggame dieselfde in wese sal wees, sal hulle verskil in heerlikheid en volmaaktheid: swakheid sal in krag verander word, verganklikheid in onverganklikheid, en misvorming in skoonheid.”

Hieruit lyk dit dus asof daar nie babas, kinders of bejaardes in die hiernamaals gaan wees nie.

Johannes Calvyn (1509-1564) sluit in sy *Institusie* (3.25.9) hierby aan: “Eerstens moet ons, soos reeds opgemerk is, vashou daaraan dat die liggaam waarin ons sal opstaan dieselfde sal wees as tans wat

betref die stoflike wese, maar dat die kwaliteit anders sal wees; net soos die liggaam van Christus wat opgewek is, dieselfde was as die een wat geoffer is, en tog in ander eienskappe uitgestaan het, asof dit heeltemal anders sou wees.” Calvyn sê nie hoe oud ons sal wees nie. Hy beklemtoon wel dat ons liggame dieselfde identiteit sal behou, maar dat dit verheerlik en sonder swakheid sal wees.

In sy preek, “Heaven, A world of Love”, kom die Puritein Jonathan Edwards (1703-1758) tot dieselfde gevolgtrekking: “Die liggame van die heiliges, opgewek en verheerlik, sal volmaak geskik wees om die siel te dien ... Daar sal geen swakheid of gebrek meer wees nie, maar volmaaktheid in krag, skoonheid en heerlikheid.” Weereens gaan dit nie oor ouderdom nie, maar

oor die liggaam se toestand van volmaaktheid.

Die getuienis van die Skrif word deur die kerkvaders bevestig. Dit is onseker of ons liggame ’n presiese ouderdom gaan hê. Wat wel seker is, is dat ons volmaakte en verheerlikte liggame sal hê soos die liggaam waarmee Christus opgewek is en na die hemel opgevaar het. ☺

◀◀Vervolg vanaf bl. 15

Herken ons mekaar ná die dood?

die ete gebid het, word uitdruklik gesê dat hulle Hom wel herken het (v. 31). Ook Johannes 20 en 21 vertel van geleenthede waar Jesus aan die dissipels verskyn en hulle Hom herken het.

Gevolgtrekking

Uit die Skrif is dit dus duidelik: In die doderyk gaan afgestorwenes

mekaar herken. Daar gaan egter nie negatiewe emosies soos hartseer, woede of bitterheid wees nie. By gelowiges gaan daar egter ook nie iets soos romantiese emosies of verliefdheid wees nie. Openbaring 7 stel dit duidelik dat die gelowiges voortdurend besig gaan wees om die almagtige God te loof en te prys. Vers 15

sê: *Daarom is hulle voor die troon van God en dien Hom dag en nag in sy tempel ...* Wat ’n wonderlike vooruitsig! God se uitverkorenes gaan niks anders wil doen as om Hom te loof, te prys en te dien nie.

Amen, ja kom, Here Jesus!
(Openb. 22:20). ☺

◀◀Vervolg vanaf bl. 17

Is hemelbewoners bewus van aardbewoners?

dooies se arbeid het verdwyn en hulle kan niks in hierdie lewe bydra nie.

Dit wil aan die een kant klink of die hemelbewoners wel weet wat op die aarde plaasvind. Aan die ander kant weerklink die stemme dat die hemelbewoners geen deelname het in wat op die

aarde gebeur nie. Wat is die regte antwoord? Ons sal eendag uitvind!

Tot en met daardie dag, hou die oog gevestig op Christus (Hebr. 12:2).


Die Bybel gee nie ’n klinkklare en volledige antwoord op die vraag of hemelbewoners van

aardbewoners bewus is nie. Dat daar ’n bewustheid is, is moontlik, maar of hulle van alles weet, is nie duidelik nie. Daar is ’n veel dringender vraag wat die Gees op ons harte lê: Hunker jy as aardbewoner na die lieflike, alomteenwoordige oë van dié Hemelkoning, Jesus Christus, jou Redder? ☺

KRY VANDAG
nog jou kopie!

R430

Lig in Duisternis
UITGEWERS



Steinaecker's Horse: 'n Histories-Argeologiese rekonstruksie

'n Moet-lees-navorsingsboek vir elke geskiedenis- en kultuurleefhebber wat die verlede wil herleef op die spore wat soldate agtergelaat het





Die plek van geween en gekners van tande

Ds. Adriaan Botes

Die hel is 'n onpopulêre tema. Praat jy met ongelowiges daaroor, dink hulle jy is dom en agterlik. Preek jy dit vanaf die kansel, dan volg kritiek omdat kerklidmate reken dat dit nie relevant is nie. As die Heilige Gees egter in die Skrif daarvan praat, moet ons luister wat Hy daaroor sê.

Is die hel stories?

Mense voel sommer trots as hulle sê dat hulle op pad hel toe is. In die film *Hercules* (2014) sê een van die karakters: “Of, as jy gelukkig is, sal jy na Hades gaan waar al die prettige mense is.”

Die mens se probleem is ten diepste met God. Mense wil nie aanvaar dat Hy bestaan nie. Die Bybel leer ons dat God werklik is – Hy bestaan van ewigheid af. Hy is almagtig, alomteenwoordig, alwetend, alwys, en die Skepper van alles wat bestaan. God is ook heilig en die regverdige Regter oor hemel en aarde. God het Adam gewaarsku dat die dood die gevolg van ongehoorsaamheid sal wees (vgl. Gén. 2:17). Deur die sonde van Adam het die dood liggaamlik (vgl. Gén. 3:19), geestelik (vgl. Efés. 2:1; 4:18), en ewig (vgl. Openb. 20:11-15) in die wêreld gekom.

Die vraag is nie of die hel maar net bangmaakstories is nie. Die vraag is of ons in God glo soos wat die Bybel ons leer of nie. Indien die God van die Bybel werklik bestaan en alles wat die Skrif oor Hom sê, waar is, is die

plek van sy Goddelike oordeel ook 'n werklikheid.

Wat leer die Bybel oor die hel?

God het nie alles oor die onderwerp op een slag gesê nie. God se openbaring aan die mens is soos 'n blomknop wat stelselmatig deur die Skrif ontvou.

Ou Testament

Die antieke mense het genoeg begrip gehad om te weet dat die mens 'n siel het en dat die siel ná die dood iewers heen gaan. Hulle het daardie plek doderyk (*sjeool*) genoem.

Sjeool

Die doderyk is in die algemeen as die woning van die dooies gesien. Die Griekse vertaling van die Ou Testament, die Septuagint, waaruit Jesus en die apostels dikwels aangehaal het, het *sjeool* met *hades* vertaal. Die doderyk is verwyderd van die land van die lewendes. Die aartsvaders het ook so gedink. Ons lees in Génesis 37:35b die volgende nadat daar aan Jakob vertel is dat Josef dood is: *Nee, treurend sal ek na my seun in die doderyk [sjeool] afdaal! So het sy vader hom dan beweën.*

Die hel is nie gesien as 'n illusie nie, maar as 'n werklike plek. Job het gesê: *Die skimme is beangs onder die waters en onder die bewoners daarvan. Naak lê die doderyk [sjeool] voor Hom, en die plek van die vertering het geen bedekking nie ...* (26:5-6). Die doderyk is 'n werklike plek van vertering waar die mense beangs is. Dit is 'n plek wat nie vir God se oë bedek is nie.

Stelselmatig openbaar die Skrif dat die doderyk nie 'n aangename plek is nie. In Deuteronomium 32:22 gee God vir Moses 'n lied om Israel teen ongehoorsaamheid te waarsku. In die lied sê God:

Want 'n vuur is aangesteek in my toorn en het gebrand tot in die doderyk [sjeool] daaronder, en dit het die aarde met sy opbrings verteer en die fundamente van die berge aan die brand gesteek.



Die doderyk word aangedui as 'n plek met gevolge vir dié wat God verwerp.

Die gelowiges van die Ou Testament het hul hoop in God geplaas om anders as die goddeloses behandel te word. Terwyl die doderyk die bestemming vir goddeloses is, sê Dawid in Psalm 49:16:

***Maar God sal my siel
loskoop van die mag van
die doderyk, want Hy
sal my siel opneem.***

Hinnom/Gehenna

Die profete het begin om *sjeool/hades* met 'n beeld uit te bou (vgl. Jer. 7:32; 19:6). Buite Jerusalem is die Hinnomvallei. Die Septuagint het dit met *Gehenna* vertaal. Die Israeliete het hul vullis en karkasse in hierdie vallei gegooi. Daar was wurms, dood, verrotting en ook vure wat altyd gebrand het. Dit het 'n simbool geword van die plek waar opstandiges teen God vir alle ewigheid gestraf sal word. Jesaja sê in hoofstuk 66:24 dat dit die plek is waar die wurm nie sterwe en die vuur nie uitgeblus word nie.

Die Ou Testamentiese siening het in twee rigtings ontwikkel. Die eerste gebeur wanneer die mens sterf en na *sjeool/hades* gaan. Die tweede kom met die dag van die opstanding. Daniël 12:2 sê: *En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgrysiglik.*

So ontwikkel die Bybelse leer met die hel as plek van oordeel en die

hemel as plek van verlossing. Die hel is nie net 'n plek van oordeel nie, maar ook 'n toestand waarin mense sal verkeer.

Nuwe Testament

Die kleure op die doek begin om 'n skildery te vorm. In die Nuwe Testament word die skildery afgerond.

Hades

Die hel was oorspronklik vir die duiwel voorberei, maar die mense wat God verwerp, word ook daarheen gestuur (vgl. Mt. 25:41). Dit is nie die plek waar die duiwel baas is nie.

Die Here Jesus vertel in Lukas 16:19-31 die gelykenis van Lasarus en die ryk man. Die ryk man sterf en ons lees in vers 23: *En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk [hades] sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.* Jesus bevestig in die gelykenis dat die afgestorwenes se siele na die hemel of die hel gaan. Beide is egter nog nie in sy volledige vorm nie. Die mense daar is wel bewus van waar hulle is en hul uiteinde is ook finaal.

Gehenna

Jesus en sy apostels sê dat daar met die laaste dag 'n volledig-wording van die hel sal plaasvind.

- Openbaring 20:14 sê dat die doderyk (*hades*) in die vuurpoel gegooi sal word. Dit spreek van die uiteindelijke volledigheid van die plek van oordeel, net soos die hemel volledig word op die nuwe aarde (vgl. Openb. 21:1-4).

- Die mense sal elkeen volgens hul werke geoordeel word. As hul name nie in die boek van die lewe gevind word nie, sal hulle in die poel van vuur gewerp word. Dit is die tweede dood.

Die hel is nie 'n plek waar God afwesig is nie. Psalm 139:8 sê:

***Klim ek op na die hemel,
U is daar; en maak ek
die doderyk my bed,
kyk, U is daar!***

Die vuur van die Goddelike oordeel brand onblusbaar in daardie plek (vgl. Deut. 32:22; Mk. 9:42-48; 1 Thes. 5:9; Hebr. 10:26-29; Openb. 20:15). Dit is 'n plek waar God in sy liefde, genade en barmhartigheid afwesig is, maar in sy Goddelike toorn en geregtigheid, ten volle teenwoordig is.

Slotwoord

Die gelowiges van alle eeue het hul hoop in God geplaas dat Hy hulle uit die plek van oordeel sou red. Jesus Christus is die vergestaltung van daardie hoop. Hy het gesê dat ons die nou poort moet soek wat na die pad van die lewe lei (vgl. Mt. 7:13-14). Jesus het baie duidelik gesê dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is (vgl. Joh. 14:6). Hy het vir elkeen wat in God se belofte van verlossing glo, aan die kruis gesterf. Daar het Hy die hel op Homself geneem sodat ons nie daardeur hoef te gaan nie. Jesus het die hel volledig deurloop sodat Hy kon sê: *Dit is volbring!* (Joh. 19:30). ☺

Ds. Adriaan Botes is leraar van die AP Kerk Lydenburg.



Helena Franz: Wit engel van die Noorde

Gideon Vosloo

Vir baie mense hou die naam Helene Franz min betekenissen in. Dat sy egter diep spore in die ou Noord-Transvaal getrap het, is onbetwyfelbaar.

Wie was Helene Franz?

Helene Magdalene Elizabeth Schultz is op 24 Maart 1866 op Eydtkunen naby die Duits-Poolse grens gebore. Op 14 sterf haar vader en sy word na 'n Lutherse kerkskool in Kraschnitz gestuur. Daar word sy as verpleegster opgelei en slaag op 22-jarige ouderdom die staatseksamen met groot welslae. Sy ontmoet 'n jong sendelingkandidaat genaamd Carl Heinrich Robert Franz. Tydens sy sendelingopleiding verpleeg Helene in die Beeskow Hospital naby Berlyn. Onder die leiding van ene dr. Ilgner ontvang sy verdere opleiding in verpleeg- en heelkunde.

In 1894 vertrek sy na Suid-Afrika om met Robert Franz, wat as sendeling na die ZAR gestuur is, in die huwelik te tree. Die huweliksbevestiging vind plaas op Waterberg, die Berlynse Sendingstasie. Die egpaar se vestiging daarna op Lesoane val saam met die uitbreek van die Makgobo-oorlog. Helene begin met die verpleging van blanke en swart gewondes en sy raak al meer bewus van die geweldige omvang van sifilis onder die plaaslike

bevolking. Sy begin om lede van die Molepostam wat aan die siekte ly, te behandel.

Verhuising na Blaumberg

In 1897 verplaas die Berlynse Sendinggenootskap eerw. Franz na die sendingstasie Blaumberg in Bagananwa. Dit was juis hierdie verplasing wat die grondslag sou word van Helene se roem as geneeskundige onder die plaaslike bevolking. Die egpaar was skaars op Blaumberg gevestig toe 'n aantal lede van die Molepostam opdaag om deur Helene behandel te word. Blaumberg had nie fasiliteite om siekes te behandel nie, maar van omdraai wou die Malepo's niks weet nie.

**'n Plan moes inderhaas
gemaak word en
eerw. Franz verleen
toestemming dat die
stamlede hutte naby
die sendingstasie kan
oprig, die begin van die
hospitaal op Blaumberg.**

Aanvanklik was die Bagananwas skepties teenoor Helene en wou nie glo dat hierdie blanke vrou hul tradisionele genesers die loef kon afsteek nie. 'n Draaipunt word bereik toe Helene die onderhoof Seleka se liefingsvrou van haar siekte genees. Hy was so verheug

dat hy al sy siek onderdane na Helene gestuur het.

Groei van Blaumberg

Daar die behandeling van sifilispasiënte etlike maande in beslag kon neem, het die aantal hutte om die sendingstasie voortdurend toegeneem. Blaumberg het gaandeweg die karakter van 'n groeiende dorp begin aanneem. Onderwyl Helene na die liggaamlike welsyn van die bevolking omgesien het, het eerw. Franz onverpoosd die evangelie verkondig. Die toeloop van mense veroorsaak gou dat Franz se sendingwerk 'n nuwe dimensie aanneem. Hy sou voortaan, behalwe vir sy gewone sendingwerk, ook besondere aandag aan die geestelike versorging van pasiënte gee. Talle het op hierdie wyse die evangelie aangeneem en is gedoop.

Die uitbreek van Anglo-Boereoorlog in 1899 lê die werksaamhede op Blaumberg aan bande. Helene word dikwels versoek om gewonde Boere te verpleeg. Ná die Engelse se besetting van Pietersburg in Mei 1901, word die Franz-egpaar verbied om die sendingstasie te verlaat en eerw. Franz word verhoed om sy sendingwerk op sy talle buiteposte voort te sit. 'n Tekort aan medisyne sou die hospitaalwerk verder kortwiek.

Soos die geval met baie ander stamme in die Transvaal, het die Bagananwas die oorlog as 'n gulde geleentheid beskou om hul onafhanklikheid te herwin. Hulle skaar hulle dus aan die kant van die Engelse met die hoop dat 'n Engelse oorwinning hul onafhanklikheid sou verseker. Die Bagananwas is egter in hul verwagtinge beskaam.

Engelse bewind

Die ZAR neem in 1885 met kommer kennis van die verspreiding van sifilis onder die plaaslike bevolking. Die Noord-Transvaalse sinode van die Berlynse Sendinggenootskap bied in 1887 aan om die regering met die bekamping daarvan te help. Dertien sendelinge stel hul dienste gratis beskikbaar sou die regering die onkoste van die medisyne betaal. 'n Bedrag van £30 word bewillig. In 1889 word dit tot £100 per jaar verhoog. Ná afloop van die oorlog neem die werksaamhede op Blaumberg sodanig toe dat die Franz-egpaar bykans nie al die werk alleen kon doen nie. Die nuwe regering stel ook nie fondse vir die aankoop van medisyne beskikbaar nie. Franz word verplig om van sy eie fondse te gebruik nie net vir die aankoop van medisyne nie, maar ook dikwels vir kos en klere vir pasiënte.

Ná verskeie versoeke bied die Engelse regering aan om te help. Dr. Fox-Symons beveel aan dat 'n bedrag van £200 per jaar aan die werk op Blaumberg bewillig word. Die regering besluit egter op £50 per jaar asook gratis medikasie afkomstig van die hospitaal op Pietersburg. In 1904 besoek ene dr. Green Blaumberg. Op sy

aanbeveling word meer fondse aan Blaumberg beskikbaar gestel.

Die jaarlikse toelaag word tot £300 verhoog. Verder is daar ook £200 bewillig vir die verbetering van die bestaande geriewe asook £100 vir instandhouding. Met die fondse tot hul beskikking wou die Franz-egpaar 'n hospitaal op Blaumberg bou.

Die Berlynse Sendinggenootskap was egter nie hiervoor te vinde gewees nie; ook nie die Britse regering nie.

Plaas Bochum

Die regering stel die plaas Bochum, 50 km suid van Blaumberg, vir die oprigting van 'n nuwe hospitaal beskikbaar. Hulle wou graag van Helene se kennis en ervaring gebruik maak en nader haar om hoof van die nuwe hospitaal te wees. Gedurende Mei 1908 verhuis die gesin na Bochum. Die hospitaal sou voortaan as Bochum Syphilitic Lazeretto bekendstaan. Ook ander siektetoestande is hier behandel. In 1908 word die St. Johns Order of the Nurses of Malta aan Helene toegeken

Teen 1912 was daar 'n besliste afname in die aantal sifilispasiënte, maar gevalle van tuberkulose het toegeneem. Teen 1914 kon Helene nie meer alleen na al die pasiënte omsien nie en Johanna Schultz ('n jonger suster van haar) en mej. M Neumann, afkomstig uit Hamburg, sluit hulle by Helene aan. Johanna was in beheer van

die afdeling vir melaatsheid. In 1914 neem die voorkoms van melaatsheid so toe dat 'n aparte hospitaal daarvoor op Bochum gebou is.

Werksaamhede van eerw. Franz

Franz het hom beywer om die evangelie aan die plaaslike bevolking te verkondig. Hy was 'n begaafde taalkundige wat baie tyd spandeer het om die taal en gewoontes van die plaaslike bevolking aan te leer en te verstaan. Die Franz-gesin het Sotho as hul tweede taal beskou. In 'n brief aan die Genootskap meld hy dat daar gereeld tot 400 pasiënte op Blaumberg was en dat 150-200 mense sy daaglikse godsdiensoefeninge bywoon. Hy meld verder dat hierdie pasiënte afkomstig was van 'n verskeidenheid van stamme wat begerig was om die evangelie aan te hoor. Aan die ander kant het die Bagananwas hulle weinig aan die evangelie gesteur.

In die begin van 1914 doen hy aansoek tot eervolle ontslag as gevolg van gesondheidsredes. Sy emeritaat word in 1914 toegestaan. Ná sy emeritaat stel die regering hom aan as superintendent van die hospitaal vir melaatsheid. Robert Franz wy homself tot sy dood in April 1919 aan die geestelike versorging van melaatse pasiënte. Sy besondere saggeaarde persoonlikheid en uitmuntende kennis van die plaaslike bevolking besorg hom 'n ereplek in die harte van sy gemeentes en pasiënte. Helene gaan ná Robert se dood in 1919 onverpoosd voort met haar werk in die hospitaal.

Gideon Vosloo is lidmaat van die AP Kerk Groblersdal. Hierdie artikel is redaksioneel verkort.

[Vervolg op bl. 25 >>](#)



HEMEL, HEL EN DIE TUSSENTOESTAND:

Is daar 'n voorportaal tot die oordeelsdag?

Ds. Lourens du Preez

Die vraag oor wat met die mens ná die dood gebeur, neem al vir eeue lank sy denke in beslag. Is die dood 'n diepe slaap waar ons niks ervaar tot die oordeelsdag toe nie? Of is daar 'n wagkamer, 'n soort neutrale voorportaal, waar die siele bly totdat Christus kom? Of gaan mense onmiddellik hemel of hel toe?

Die Skrif en die Reformatoriese belydenis gee duidelike antwoorde.

Die aard van die dood

Die Bybel beskryf die dood as die skeiding tussen liggaam en siel. In Prediker 12:7 lees dat: ... *die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.* Die liggaam keer terug tot stof, maar die siel bly bestaan en kom onder God se oordeel. Ná die dood is daar dus skeiding tussen liggaam en siel. Hierdie skeiding is tydelik totdat die liggaam in die oordeelsdag opgewek word. Gevolglik die vraag: Waar gaan die siel van die mens heen ná die dood?

Die gelowige ná die dood

Die Skrif leer dat die gelowige se siel onmiddellik ná die dood in die teenwoordigheid van Christus is. Sy belofte aan die misdadiger bevestig dit onmiskenbaar: *Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees* (Lk. 23:43b). Wanneer ons in gedagte hou dat die liggaam en siel geskei word, dan is die gevolgtrekking dat die siel van die gelowige dadelik in die teenwoordigheid van Christus

is. Tog is dit nog nie in die nuwe hemel en nuwe aarde nie, aangesien die liggaam nog nie opgewek en verheerlik is nie.

Die ongelowige ná die dood

Vir die ongelowige is die prentjie radikaal anders. In Lukas 16:23 staan: *En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.* Hierdie teks wys dat die ongelowige onmiddellik in 'n toestand van smart en pyn verkeer. Daar is geen sprake van 'n wagkamer of 'n tweede kans nie. Net soos die gelowige dadelik in die teenwoordigheid van Christus is, is die ongelowige dadelik in die oordeel van God. Weereens is dit nog nie die volle oordeel van God nie, aangesien die liggaam nog nie opgewek is nie.

Tussentoestand en finale oordeel

Hierdie onmiddellike bestemming beteken egter nie dat die finale oordeel reeds plaasgevind het nie. Die Bybel leer dat daar 'n groot dag van opstanding en oordeel kom.

Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling (Joh. 5:28b-29).

Die toestand van die siel tussen dood en opstanding noem ons die “tussentoestand”:

- Die gelowige is reeds by Christus in sy heerlikheid, maar wag nog op die volle openbaring by die wederkoms wanneer liggaam en siel verenig word.
- Die ongelowige is reeds in pyn, maar wag nog op die finale vonnis in die poel van vuur (vgl. Openb. 20:14-15).
- Hierdie tussentoestand is nie die vagevuur van die Rooms-Katolieke Kerk nie aangesien die tussentoestand nie 'n loutering of 'n proses van reiniging is nie, maar die voorportaal vir jou ewige bestemming.

Reformatoriese getuienis

Heidelbergse Kategismus (So. 22 v/a 57)

VRAAG: “Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?”

ANTWOORD: “Dat nie alleen my siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar dat ook hierdie vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig, en gelykvormig sal word aan die heerlike liggaam van Christus.”

Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 37)

“Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siele saamgevoeg en verenig met hul eie liggaam waarin hulle geleef het.”

Vanuit hierdie twee dele van die gereformeerde belydenis is dit duidelik dat die siel in ’n tussentoestand verkeer. Tydens hierdie toestand ervaar die gelowige reeds die heerlijkheid en lig van God en die ongelowige sy oordeel en toorn.

Pastorale betekenis

Hierdie leerstuk is nie maar net spekulatiewe teologie nie. Dit dra groot pastorale waarde:

- **Troos vir gelowiges:**
Christus neem jou siel onmiddellik na Homself.
- **Waarskuwing vir ongelowiges:**
Die tyd om tot bekering te kom, is nou. Ná die dood is dit te laat.
- **Verwagting vir almal:**
Al ervaar gelowiges reeds

heerlikheid, wag ons steeds op die groot dag wanneer die skepping vernuwe word en liggaam en siel verenig sal wees tot ’n volmaakte lewe by God.

Is daar ’n voorportaal vir die hemel en die hel? Ja! Die Bybel leer duidelik dat die mens onmiddellik ná die dood in ’n bewuste toestand ingaan. Vir die gelowige is dit ’n voorsmaak van heerlijkheid in Christus se teenwoordigheid; vir die ongelowige is dit ’n voorsmaak van oordeel. Hierdie tussentoestand wag op die dag van Christus se wederkoms, wanneer die volle heerlijkheid van die hemel en die volle realiteit van die hel geopenbaar sal word. ☺

Ds. Lourens du Preez is leraar van die AP Kerk Hoopstad.

◀Vervolg vanaf bl. 23

Helena Franz: Wit engel van die Noorde

Afsterwe van Helene Franz

Helene Franz het aan die sy van ’n pasiënt ineengestort en nie weer herstel nie. Sy sterf op 16 Julie 1935 en huldeblyke het van oraloer ingestroom. Soos CE Stidolph, hoofmagistraat van Pietersburg, geskryf het: “I am convinced that there was no nobler person in the Northern Transvaal than Mrs. Franz.”

In 1935 word die koning se Jubileummedalje vir uitstaande diens aan haar toegeken. “The white angel of the North” se grafinskripsie som haar lewenswerk treffend op: “Sie hat getan was sie konnte.”

Tot vandag toe heet die hospitaal wat deur haar toewyding tot stand gekom het, Helena Franz Hospitaal.

Die Helene Franz Special Needs School in Pietersburg is ook na haar vernoem.

In 1955 spreek minister JFT Naudé in ’n huldeblyk die hoop uit “dat hierdie hospitaal nog in die verre toekoms as ’n monument sal bly voortbestaan ter ere van die nagedagtenis van hierdie edele vrou”. ☺

ST LUCIA - Vakansiewoonstel te huur

2 slaapkamers, 1 badkamer (stort en bad), balkon, veilige parkering (afdak) binne in die kompleks, swembad en braaigeriewe, gratis wi-fi.

SMS 068 535 3885 vir meer inligting en foto's

SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922

Ds. Nicolaas Jacobus Rautenbach

11 Augustus 1936 – 2 September 2025

'n Groot boom met diep wortels het geval, beskrywend van die lewe van 'n man wat met oorgawe sy roeping en bediening uitgeleef het. Hy was 'n voorbeeld van die woorde van Psalm 92:13-14: Die palmboom dra vrug, en die sederhout is uitstekende boumateriaal. So was sy lewe – vrugbaar en standvastig, met 'n nalatenskap wat in die Here gebou en gevestig is.

Ná sy skoolloopbaan aan Hoërskool Stoffberg in Brakpan, studeer hy teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Reeds as jong leraar staan hy bekend as iemand met 'n besondere liefde vir die Woord en vir die bou van die kerk.

Sy eerste gemeente in die Nederduitse Gereformeerde Kerk was op Delporthoop, waar hy die leiding geneem het met die bou van die kerkgebou, in Ebenhaeser (Pretoria) met die oprigting van 'n kerksaal, in Edenvale-Noord met 'n kerkkompleks. Tydens sy bediening in Wierdapark-Suid roep die Here hom na Trans World Radio, later Radio Kansel. Daar het hy sy liefde vir radiowerk as Direkteur van Programme uitgeleef.

Op 31 Augustus 1987 word hy een van die eerste leraars van die Afrikaanse Protestantse Kerk. As eerste predikant in Pretoria dien hy in Moot-Sentraal en Verwoerdburg. Later rig hy die kerkgebou van Pretoria-Oos in vir gereformeerde bediening. Hy dien in Welbekend en Pretoria-Suiderlig, emeriteer op 31 Desember 2013 en sit sy werk in Wesmoot voort.


Hy was lid van die Kuratorium, voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) en dien ook op die Kommissie vir Kerksang en -musiek (KSM). Jeugwerk het vir hom 'n besondere plek ingeneem. Dit begin reeds in Ebenhaeser en lei tot die stigting van ASJAS in Pretoria-Oos. Hy het sy liefde vir bouwerk uitgeleef met die restourasie van die kerk se administrasiegebou, Brookshuis.

Hy het die kerkverband by Pretoria FM verteenwoordig. Daar het hy sy kennis van die belydenisskrifte gedeel met die aanbidding van 'n Kategismusonderrigprogram.

Sy lewe was nie sonder beproewinge nie. Hy het keelkanker en breinkanker oorleef.

Hy was slagoffer van 'n gewelddadige gewapende rooftog. Elke keer het hy opgestaan en sy roeping voortgesit met dieselfde oorgawe as tevore.

Ná die afsterwe van sy geliefde vrou en ons moeder Elise, het hy sy



getuienis in die versorgingsentrum nie versaak nie. Personeel is gereeld geroep vir Skriflesing, gebed en sang, alhoewel sy gedagtes reeds vervaag het.

Vir sy kinders, kleinkinders en agterkleinkinders was sy lewe van 89 jaar 'n inspirasie. Hy het ons geleer om met ywer vrug vir die Here te dra en te bou met die sederhout – die Woord van God wat standhou teen die storms van die lewe. Hy het geleef as oorwinnaar in Christus en is nou verenig met Elise, waar hulle in die hemel saam lofliedere sing.

Sy wortels was diep – in sy liefde vir die Here, sy bediening, sy prediking en sy liefde vir mense. Hy sal altyd onthou word as 'n man wat standvastig soos die palmboom en die seder van die Libanon gestaan het – regop, vrugbaar en onwankelbaar gewortel in God.

Ds. Corneel Rautenbach

AP KERK TYGERBERG

'n Viering van Afrikanererfenis

Ons gemeente het onlangs 'n heerlike aandete en musiekfunksie met die tema: "Hart van Afrikaans" aangebied. Hierdie viering van Afrikaans en ons kultuur was 'n gesellige geleentheid wat mense uit Kaapstad en omliggende areas saamgebring en 'n platform geskep het waar ons saam kon lag, gesels en ons Afrikanererfenis vier.



Pragtige tafeldekor

Ongeveer 150 gaste het 'n verruklike driegangmaaltyd, voorberei deur die talentvolle susters van ons gemeente, geniet – perfek aangevul met wyn uit die Kaapse wynlande. Die optrede van die bekende kunstenaar Chris Else, het bykomende luister aan die aand verleen.



Chris Else



Die tafeldekor het gesorg vir pragtige tonele wat almal rondom ons

Afrikanererfenis gesentreer was. Die gasvroue het hulself oortref met unieke tafeltoneelstukke, wat dit 'n moeilike taak gemaak het om die wenner van die tafeldekkompetisie aan te wys. Die beoordeling was inderdaad 'n kop-aan-kop-stryd!

AP Kerk Tygerberg is dankbaar vir elke lidmaat wat aan hierdie spesiale aand deelgeneem het, en bo alles vir die seën van ons hemelse Vader op die geleentheid.

Carla van Rooyen

SUIDKUS VAKANSIEWOONSTEL – DOONSIDE

See-uitsig, skoon, goed toegerus met slim-TV en wi-fi. Veilige onderdakparkering agter elektroniese motorhek met 24 uur sekuriteit. Braaigeriewe, swembad, kafee, haarsalon en wassery onder in die gebou. Billike tariewe binne en buite skoolvakansies. **082 390 9465 / lettiefour@gmail.com**

ONS STRANDDAKKIE HARTENBOS

Vakansiewoonstel loopafstand vanaf die hoofstrand. 2-slaapkamer (slaap 6), volledig toegerus met DStv.

Kontak Mercia: 065 991 1966 / 072 600 2430

GASTEHUIS IN PRETORIA

2 slaapkamers (slaap 4), kombuis, 1½ badkamer, sitkamer en eetkamer. Geleë in Newlands, Pretoria-Oos (naby Menlyn winkelsentrum en baie hospitale).

Kontak Rosi: 078 658 6989



UIT DIE WOORD: DIGITAAL

Lig en liefde aan almal

In 'n wêreld wat gekenmerk word deur geestelike dorheid en sosiale isolasie, bring 'n Suid-Afrikaanse organisasie hoop, genesing en die lewende Woord van God aan mense regoor die wêreld.

Uit die Woord – Digitaal, 'n Christelike nuwingsgewende organisasie onder leiding van ds. Adriaan Swart, het reeds meer as 'n miljoen mense wêreldwyd met die evangelie van Christus bereik. Wat hierdie bediening uniek maak, is die kombinasie van digitale evangelisasie en persoonlike dienswerk. Ds. Adriaan Swart, 'n toegewyde en voltydse predikant met 'n hart vir verlorene, vergeete mense en mense in nood, versprei nie net die Woord aanlyn nie, maar leef dit ook uit in diens van barmhartigheid, bejaardesorg en die uitdeel van Bybels aan dié wat dit so nodig het.

Volgens ds. Swart is die Woord van God nie beperk tot 'n kansel of 'n gebou nie: “Ons roeping is om Christus se liefde te leef: in hospitale, ouetehuse, strate en op aanlyn platforms.” Met die hulp van 'n toegewyde span van 36 vrywilligers en duisende ondersteuners, het Uit die Woord – Digitaal 'n verskeidenheid projekte van stapel gestuur, insluitend:

- Gratis Bybelverspreiding aan gemeenskappe in Suid-Afrika, Botswana en Namibië. Meer as duisend families het nuwe Bybels ontvang.
- Barmhartigheidswerk soos kospakkies, huisvesting, gebedsondersteuning en pastorale sorg vind gereeld plaas.
- Bejaardesorg in ouetehuse en privaat instellings, waar ds. Swart gereeld besoek aflê en die Woord bedien.
- Digitale Woordverkondiging via aanlyn platforms, soos YouTube, WhatsApp, Facebook en Instagram, wat daaglik duisende mense bereik met dagstukkies, preke en interaktiewe Bybelstudies.

Die impak van hierdie bediening is tasbaar. Mense van verskillende kulture en lande getuig van geestelike herstel, nuwe hoop en 'n hernude verhouding met God.

“Ek het gevoel ek is 'n vergeete mens,” sê 'n ontvanger van die bediening in Namibië. “Toe ontvang ek 'n Bybel en 'n boodskap van ds. Swart. Dit het my lewe verander.”

Uit die Woord – Digitaal nooi die publiek om deel te word van hierdie beweging van geloof en liefde. Ondersteuners kan help deur gebed, finansiële bydraes of deur eenvoudig die Woord met ander te deel. Vir meer inligting of om betrokke te raak, besoek www.uitdiewoord-digitaal.com of volg ons op sosialemediaplatforms, soos YouTube, Facebook en Instagram.

“Ons is hier om te dien, om Christus sigbaar te maak,” aldus ds. Swart.

Jano van Staden

IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?

Ons verkoop opgeknapte (“refurbished”) rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za

Oornagverblyf Kroonstad

2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

AP KERK NELSPRUIT

Dankbaarheid in Nelspruit

Sondag 31 Augustus was 'n spesiale dag: Ons kon die nagmaal vier, ook as 'n vreugdefees. Ds. Arrie van Heerden se tema was: "Die Christen is 'n jukdraer van Jesus Christus" – dit is een van 'n reeks. Sy boodskap was uit Mattheüs 11 met die fokus op vers 28-30, waar Jesus ons nooi om sy juk op ons te neem, want sy juk is sag en sy las is lig.

Nog 'n vreugde was om sewe nuwe lidmate te verwelkom en hulle die seënbede van Ps. 134 toe te sing.

Ná die diens het almal heerlik gekuier om tafels wat gekreun het onder heerlike eetgoed. As verrassing is blommeruikertjies aan die susters en dogters uitgedeel, terwyl die broers en seuns 'n pakkie gemengde neute ontvang het.

Ons dank en eer gaan aan ons God wat so milddadig vir ons sorg.

Miemie van Niekerk



AP KERK DELMAS

Bybelkennisdag

Die susters van die AP Kerk Delmas het op 11 September 'n Bybelkennisdag gehou. Elke suster het 'n paar vrae uit die Bybel geneem en ons moes die Bybel vinnig oopslaan vir die antwoorde. Ons het gou besef dat ons nie meer jonk en slim is nie. Dit was 'n leersame dag vol

pret, lag en gesels. Elke suster het vir 'n klein bordjie eetgoed gesorg wat ons saam met koffie en tee geniet het. Nogmaals dankie vir elke suster se teenwoordigheid. Dit was voorwaar 'n heerlike dag!

Francesca Pretorius



AP KERK BRAKRIVIER

“De Kieries spreken Nederlands”

Ons sit ewe knus in 'n restaurant naby die George-lughawe. Daar is altyd 'n gesellige atmosfeer as die Kieries bymekaarkom, en vandag is nie anders nie. Daar is egter 'n bonus: Vier Nederlanders vanuit Hoofddorp het vir dié spesiale dag by ons vertoef en ons seniors was nuuskierig oor hulle.



Die mamma van die besoekers is die dogter van een van die Kieriepare. Die gesin woon reeds 27 jaar in Nederland. Van die Kieries skuif nader om geselsies aan te knoop. Sommiges onthou selfs nog 'n paar frases Nederlands uit hul skooldae. Al praat Europa met Afrika, is daar geen groot gapings nie!

Die geselskap handel hoofsaaklik oor die kerk in Nederland se wel en wee, oor skoolgaan en verder leer, oor die lekkerste toeristebestemmings in Europa en enigiets wat ons nuuskierige Kieries wil weet.

Aan die einde van ons kuier het ons die gewoonte dat 'n geskenkpakkie uitgedeel word. Geen name word getrek nie – die wenner moet slegs 'n plakker onder die bord of onder die stoel se sitplek vind. Daar is 'n doodse stilte. Toe bars die Kieries in 'n lagbui uit: Vandag se heel jongste Kierie, Christiaan (19) vind 'n plakker onder sy bord! Wat alles in die pakkie was, was nie vir ons almal duidelik nie. Hy het wel genoeg rede gehad om sommige van dié goedjies vir sy ouma, sy ma en sy suster uit te deel. Chris vat darem 'n pragtige drinkbeker huis toe en die Kieries is sommer weer slimmer oor Europa.

Janine du Plessis

BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2026

Graad	Ou Testament	Nuwe Testament	Handboek
Graad 4	Génesis12-13; Exodus18-20	Markus 13-14	Les 1-9
Graad 5	Esra 1, 4, 7, 9	Johannes 13-16	Les 1-9
Graad 6	1 Samuel 1-3	Handelinge 6-7; Kolossense 1-2	Les 1-9
Graad 7	1 Samuel 13, 16; 1 Konings 5; 2 Kronieke 1	2 Thessalonicense 1-3.	Les 1-9
Graad 8	Levítikus 23-25; Ester 1-5	Titus 1-3; 2 Petrus 1-3	Les 1-9
Graad 9	Daniël 4-6, Jesaja 11-17	1 Johannes 1-5	Les 1-9
Graad 10	Job 6; Hoséa 4-6; Joël 3	Efésiërs 3-4; Hebreërs 11	Les 1-9
Graad 11	Habakkuk; Prediker 5-7	Romeine 12-14; Openbaring 1-3	Les 1-9
Belydende lidmate	2 Konings 4-7; Levítikus 8-10	Jakobus 1-3; Openbaring 8-11	NGB: Artikels 33-35

AP KERK SUIDKUS GELOFTEDIENS

Die AP Kerk Suidkus nooi alle vakansiegangers in die Margate omgewing na hul Geloftediens op 16 Desember om 09:00. Erediens: ds. Dawie Oosthuizen. Feesrede: br. Joseph Chiole.

Adres: Alexanderweg 58, Margate. Kontak oudl. Kobie Jacobs 082 896 3236 / 082 803 1616

AP KERK MARQUARD

Min, maar altyd daar!

Dit is nie aldag dat jy 'n hele gemeente se lidmate op een foto kan vasvang nie. Begin 2025 is 'n fondsinsamelingsprojek deur die Marquard-gemeente geloods en ons wil net baie dankie sê vir almal se ondersteuning. Ons is 'n klein gemeente, maar ons is baie dankbaar dat al ons lidmate aktiewe lidmate is.

Stephan Jacobs



Marquard se lidmate

AP KERK MIDDELBURG

Groen vingers en geurige potjies

Op Vrouedag 9 Augustus het ons gemeente bymekaargekom vir 'n dag van tuinwerk, potjiekos en geselskap – 'n ware viering van vroue, gemeenskap en God se skepping.

Met ons tuinhandskoene aan en grawe in die hand, het almal hul plekke tussen die blombeddings ingeneem. Die tuin het vinnig lewendig geraak met lag en 'n geselsery oor blomme. Elke plant wat geplant is, elke onkruid wat uitgetrek is, het herinner aan God se opdrag in Génesis 2:15: *Die HERE God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas* (2020-vertaling). Ons het nie net die grond bewerk nie, maar ook ons harte vir mekaar oopgemaak.

Terwyl die tuinwerk aan die gang was, het die geur van potjiekos stadig oral gehang. Verskeie potjies het geprut, elkeen met sy eie geheime resep en spesiale bestanddele. Groente is geskil, vleis is gesny en speserye is met sorg bygevoeg. Die potte was gereed en ons het almal saam gebid, dankbaar vir die kos, die hande wat dit voorberei het en die Here wat ons saamgebring het. Dit was 'n ete uit die boonste rakke, maar die ware fees was die gemeenskap en die liefde wat gedeel is.

Hierdie dag het ons herinner dat geloof nie net in die kerkgebou groei nie, maar ook in die tuin, rondom die potjie en in die eenvoudige oomblikke van saamwees. Soos plante groei met water en sonlig, groei ons geloof deur diens, liefde en gemeenskap. Mag elke dag in ons gemeente 'n geleentheid wees om saam te werk, saam te eet en saam in Christus te groei.

Hannie Scholtz



Vuil hande, vol harte



Die potte prut



AP KERK ROODEPOORT

Senior lidmate se “Vlinder”-ete

Met groot dankbaarheid het die senior lidmate van die AP Kerk Roodepoort op Saterdag 13 September die vreugde van heerlike samesyn geniet. Dit was ’n kleurvolle middagete met “Vlinders” as tema. Die 27 lidmate het lekker om die eettafel gekuier en die kostafel het gekreun onder al die geurige disse wat deur die sustersaksie voorberei is. Elke lidmaat het sy of haar vlindervlerke met trots gedra en die dag ten volle geniet. Die voorsitster van die sustersaksie het dit goedgevind om die “Vlinder”-tema te gebruik en het ’n betekenisvolle verduideliking gegee waarom die tema gekies is.

Die lewensloop van ’n vlinder (skoelapper)

Die lewensloop van ’n vlinder bestaan uit vier fases. Eerstens die eiertjies, daarna die larwe wat homself in ’n kokon toespinn waar hy rus in ’n omhulsel en sodoende in ’n papie verander. Die papiestadium duur soms net ’n paar weke. Laastens is dit die mooiste vlinder wat te voorskyn kom. Ons as mens aanskou hierdie pragtige verskynsel en sien hoe kunstig die hand van ons Skepper die heelal geskape het. Vlinders vlieg nie in reën nie aangesien dit hul vlerkies beskadig. Hulle soek skuiling, nie op die grond nie, maar onder die hoogste blaartjie waar daar beskutting is en dit veilig is.

Die lewensloop van ’n mens

As ons die mens se lewensloop met dié van ’n vlinder vergelyk, is daar geen verskil nie. Ons gaan ook deur vier fases. Eerstens is dit ons geboorte as ’n babatjie. Daarna is dit fase twee as kindertjies en tieners. Fase drie is dié van ’n volwasse en heel laaste is dit dié van bejaardheid. Wanneer ons skuiling of beskerming soek waar ons weet ons veilig is, soek ons dit ook op die hoogste moontlike plek – by God. Hy het ons geskape na sy beeld, so ook die natuur, met liefde vir alles. Ons moet sy liefde uitstraal na ’n ieder en ’n elk en die pragtige skepping waardeer.

Liefde is die grootste gebod

Dit het ons ervaar met ons ete, waar die liefde ons samesyn gekenmerk het. Ons sien uit na die volgende byeenkoms.



Roodepoort se senior lidmate

AP KERK: DASSE EN MOULOSE TRUIE

Wit kerkdasse @ R120 • Moulose swart trui @ R550
10 en 20 jaar gedenkdasie ook beskikbaar op navraag

Tel: 015 298 8028 • Faks: 086 530 5709
E-pos: pietersburg@apkerk.co.za

Kantoorure: Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00.
Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling.

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoning met eg Suid-Afrikaanse
gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies
• Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959



AP KERK PRETORIA-OOS

Bevestiging van nuwe leraar

Die Afrikaanse Protestantse Kerk Pretoria-Oos is die Here innig dankbaar om op Saterdag 13 September 'n tweede voltydse leraar, ds. Nico Swart, te kon verwelkom.

Ds. Leon Lubbe van die AP Kerk Moot-Sentraal het die diens gelei. Die Skriflesing was uit Josua 1:1-9, met die tema: "Lei die kinders van God na die Beloofde Land." Ds. Lubbe het ook die bevestiging waargeneem. Ná afloop van die amptelike verrigtinge het die susters van die gemeente die gaste op heerlike eetgoed trakteer.

Ds. Nico Swart het sy intrepreek op Sondag 14 September gelewer en is opgewonde om met sy werk in die gemeente te begin. Ons seën wense vir ds. Nico en sr. Monique is dat die Here hulle uitermatig sal seën in die AP Kerk Pretoria-Oos.

Marina Kapp



Ds. Nico Swart



Leraarspaar, sr. Monique en ds. Nico

VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.

Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE
BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER
HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE
SE BEHOEFTE TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad • Alle
bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

www.volkshulp.org.za

Tel: 012 755 8201 • Sel: 082 6827454

Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria

BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE: OKTOBER 2025 (BL. 17)

H	X	X	G	M	Q	1	W	E	S	E	2	H	3	B	4	A	R	T
W	A	A	R	O	M	W	E	S	E	L	A	E	O	U				
				V	A			N	S	O								
		7	K	N	E	G	T	E		A	A	N	S	K	O	U	S	
	9								10			D		E	T			11
	J			R		E		W										V
	A			V		R		E		G		E				L	U	E
	13	K	R	O	O	N		D		R		14	T	R	O	O	N	R
		K			L			U	Y	O		P						N
		A			G	M	K	N	S	W	S	16	O	P	G	E	H	O
	17	L	E	W	E	N	S	G	E	V	A	A	R		E			W
		S			R		N		E		A	X	A	N	19	F	H	U
21	S	E	U	N	S		23	A	S	S	U	R	D		Z			20
	I		I	M	K	N	S	R				D	E	T		G	R	N
	O		T		M	O	E	D	E	R	S	25	F	Y	P	26	A	G
	N		L					S		W			Y	D	O	27	G	E
			A	E	M	O	E	T	P	I					O	28	Z	F
			N		V	R	E	U	G	D	E				R	E	T	D
30	V	A	D	E	R		L					3	S	T	E	D	E	L
	B	K					D	Z	K	A	E	Z						X
	I	N	E		O	L	E	N	G	T	E	M						A
32	V	E	R	D	U	I	S	T	E	R		A			33	G	E	L
	E		S		E			J	X	K		A						X
	L						34	S	W	A	A	R	D		Y	X	Z	E



Geskiedenis in elke huis

Alana Bailey



Dikwels dink ons aan geskiedenis as verhale van beroemdes of oorloë en vergeet van die fassinerende verhale agter haas elke huishoudelike produk se ontstaan. Die feit dat hierdie produkte die toets van die tyd deurstaan het, bewys dat “’n boer maak ’n plan” alles behalwe net ’n spreekwoord is!

In die spens

Van boere (of is dit Boere?) gepraat: Wat is nou meer eie aan ons as boeretroos en Ouma-boerbeskuit? Tydens die 1930's (Depressiejare) gee 'n pastoor van Molteno vir die susters in sy gemeente elk 'n halfkroon met die Bybelse opdrag dat hulle daarmee met hul talente moes gaan woeker om tot sendingwerk by te dra. Elizabeth Ann Greyvensteyn van die plaas Friedenheim besluit dat sy beskuit gaan bak en verkoop. Aanvanklik vernoem sy dit na haar man Thys en “Thys se beskuit” word dadelik 'n treffer. Bestellings het ingestroom en die aanvraag was só groot dat daar teen 1941 'n klein fabriek langs die huis opgerig moes word. In 1952 word dit in 'n brand vernietig, maar die Greyvensteins bou eenvoudig 'n nuwe, groter fabriek. Teen 1957 skep hulle nog 'n welbekende produk: Simba-aartappelskyfies. Deur die jare verander die beskuit se naam na Uitspan Beskuit en toe uiteindelik Ouma Beskuit. Van die nederige begin in 'n houtstoof groei die produksie tot waar R50 miljoen in 2017 in die fabriek belê is. Vandag is dié beskuit nie net regoor die land beskikbaar nie, maar ook by vele Suid-Afrikaanse winkels in die buiteland waar 'n Ouma-beskuitjie

troos bring wanneer emigrante huis toe verlang!

Soos die regte ouma van Ouma Beskuit is daar ook 'n ware mevrou Ball. In 1872, onderweg van Kanada na Australië, strand die SS *Quanza* naby Oos-Londen. Ene kaptein Adkins en sy vrou kon onder meer 'n blatjangresep (die basis vir die later bekende produk) van die wrak red. Hulle vestig hulle skynbaar plaaslik en gee die resep later aan hul dogter Amelia. Sy trou met Herbert Sandleton Ball, 'n spoorwegsuperintendent, wat soms van die blatjang wat sy vrou gekook het, op treine verkoop. Dit was baie gewild. Aan die begin van die 20ste eeu help die sakeman Fred Metter hulle om dit op groter skaal te produseer en in die bekende agtkantige glasbottels te bemark. Amelia is in 1962 oorlede. Die maatskappy is deur die jare aan groot maatskappye verkoop, maar die resep vir die oorspronklike geur is steeds 'n deeglik bewaarde geheim. Dit bly die topverkoper van die beskikbare ses geure Mrs Ball's Blatjang.

In die gereedskapskas

In 1948 stig George Montague Pratley The Pratley Manufacturing and Engineering Company in 'n gehuurde motorhuis in

Hillbrow. Dit het herstelwerk vir mynmaatskappye gedoen. Pratley se ma en sy vrou het die maatskappy se administrasie hanteer, terwyl hy vir herstelwerk verantwoordelik was. Dié briljante man het nie net masjinerie herstel nie, maar ook dikwels gedeeltes daarvan herontwerp om dit te verbeter. Mettertyd verhuis die maatskappy na Roodepoort en uiteindelik Krugersdorp. Later voer hulle trekkers in om te verkoop en vervaardig selfs handreiniger, gespesialiseerde masjinerie, rubberspeelgoed en badproppe. Uiteindelik word Pratley Putty ontwikkel, die eerste Suid-Afrikaanse produk wat op die maan beland omdat dit in een van die ruimtetuie wat op die maan geland het, gebruik is! Dit is tot aangewend vir herstelwerk aan die Golden Gate-brug in San Francisco! Deur die jare het groot maatskappye reuseaanbiedings gemaak om die maatskappy te koop, maar Pratley het dit geweier omdat onafhanklikheid om produkte na willekeur te kan ontwikkel, vir hom belangriker was. Ná sy dood in 1983 neem sy seun Kim die bestuur oor en ná sy dood in 2021, sy seuns Andrew en Charles. Dit is steeds 'n ware familiebesigheid wat oor meer as 350 internasionale patente beskik.

Vervolg op bl. 36 >>



Gesonde gesinne: Het ons ook die moed om dit te bou?

Charlotte Fourie

Ek skryf hierdie artikel met die nuus van Charlie Kirk se sinnelose sluipmoord nog vars in my swaar gemoed. Charlie het jongmense graag aangemoedig om jonk te trou, kinders te hê en 'n lewe en gesin met Jesus Christus as middelpunt te bou. Die manier hoe hy hierdie boodskap onbeskaamd, herhaaldelik en met soveel oortuiging oorgedra het, het my diep getref en ná sy dood voel dit vir my selfs dringender dat ons ernstig hieroor moet nadink.

Vir ons generasie het dit skynbaar onmoontlik geword om huwelik en gesin eerste te stel. Tog ervaar ek 'n stille ontwaking onder 'n groep jong Afrikanerouers. Ons het die werksplek betree, die sekulêre aanslae van wêreldse kultuur geproe en agtergekom dat dit nie ons dors les nie. Ons is soekend na 'n betekenisvolle toekoms vir ons kinders en ons smag na die eenvoud van 'n gesonde gesin, eerder as die gejaag na die volgende lyntjie op ons CV.

Ons leef in 'n kultuur vol mites en leuens oor die huwelik en gesinslewe. Daarom moet ons onself bemagtig met die teenargumente om met durf en daad, onbeskaamd en herhaaldelik, die blye boodskap van gesonde huwelike en gesinne uit te basuin.

“Jouself eers vind voordat jy trou”

Identiteit lê nie in 'n eindelose soeke na die self nie. Jy word juis gevorm deur die toewyding wat 'n huwelik en gesin kweek. In sy boek *Ewige beginsels om suksesvolle kinders groot te maak*, wys Yavor Rusinov dat karakter en selfbeheersing deur ouerskap en gesinslewe gekweek word, nie deur individualistiese vryheid nie.

“Eers finansiële sterk, dan kinders kry”

Daar bestaan nie 'n “perfekte finansiële oomblik” nie. Die meeste mense wag op 'n tyd wat dalk nooit aanbreek nie en dit kan veroorsaak dat hulle dalk die seën van ouerskap en gesinslewe misloop. Kinders is 'n erfdeel van die HERE (vgl. Ps. 127). Gesinne word deur geloof en roepingstrou gebou, nie deur bankstate nie.

“'n Vrou moet onafhanklik kan leef”

'n Vrou se loopbaan mag belangrik wees, maar as steunpilaar en nie as fondament nie. Die Bybel beklemtoon dat haar huwelik en gesin haar primêre roeping is (vgl. Tit. 2:3-5; Ps. 127). 'n Vrou se waarde lê nie in onafhanklikheid en sukses in haar beroep nie, maar in 'n lewe van eer en goeie werke, liefde vir haar man en kinders,

selfbeheersing, reinheid en om met toewyding haar huisgesin te dien. Só word sy 'n beeld van goedheid en sagmoedigheid, en deur haar getroue voorbeeld word God geëer.

“Kinders beperk jou vryheid”

Die wêreld se definisie van vryheid beteken eintlik selfgerigtheid en onbeperkte keuses. Kinders vra inderdaad opoffering, maar dit is nie 'n beperking nie. Hulle verander jou roetine en vra jou aandag, maar in daardie “verlies” lê 'n dieper vreugde. Kinders bring betekenis wat geen vakansie, loopbaan of status kan gee nie. Geen bevordering kan die trots vervang wanneer jy jou kinders sien opstaan ná 'n val, of hoor hoe hulle self begin bid nie.

Kinders wys jou jou eie selfsug en lei jou om meer soos Christus te word – meer geduldig, selfbeheersd, bereid om lief te hê, ten spyte van ongemak. Hulle herinner jou dat die lewe nie oor jou alleen gaan nie, maar oor 'n nalatenskap. Die wêreld sê kinders “beperk jou vryheid”, maar die waarheid is dat hulle jou van selfgerigtheid bevry en jou na 'n voller, ryker, meer doelgerigte lewe lei.

Wees toekomsbouers!

Yavor Rusinov herinner ons aan 'n antieke Hebreeuse gesegde wat sê dat 'n kind se opvoeding reeds

20 jaar voor sy of haar geboorte begin. Met ander woorde, die opvoeding van die kind begin met die grootmaak en opvoeding deur die ouers.

God se Woord roep ons op om ons huwelike te eer, ons kinders lief te hê en gesinne te vorm wat 'n bolwerk teen eensaamheid en verval is.

- 1 Praat positief oor huwelik en gesin.** Jou kinders hoor hoe jy oor jou huweliksmat en ouerskap praat. As jy dit as laste beskryf, gaan hulle dit ook so sien. As ouers 'n vierde, vyfde of selfs sewende baba verwag, wees net so opgewonde soos oor die eerste. As jou kinders vir beroepedag moet aantrek, is 'n mamma- of pappa-uitrusting net so oulik soos 'n dokter- of 'n boeruitrusting.

- 2 Vertel jul verhaal.** Vertel jou kinders hoe jy en jou huweliksmat mekaar ontmoet het, waarom julle getrou het en waarom julle dankbaar is vir jul gesin. Wys vir hulle foto's en gaan besoek die plekke waar julle ontmoet en tyd saam spandeer het. Gesinslewe word vir kinders aanloklik wanneer hulle die mooi, romantiese en heilige kant daarvan raaksien. Vier huweliksherdenkings ook saam as 'n gesin.

- 3 Skep gesinstradisies.** Gereelde kuiers, verjaarsdae, Kersfees- of Paastradisies leer kinders dat gesin 'n bron van vreugde en stabiliteit is. Tradisie plant 'n begeerte om later dieselfde te bou.

- 4 Wys hoe belangrik gesinslewe is.** Laat jou kinders sien dat jy graag by 'n sportbyeenkoms

of konsert wil wees, al beteken dit dat jy werk moet inhaal. Jou voorbeeld leer hulle dat gesinsamesyn prioriteit is.

- 5 Kweek verantwoordelikheid-sin.** Gee jou kinders rolle in die huis, byvoorbeeld tafel dek, hulp met jonger sibbe, versorging van 'n troeteldier. Dit leer hulle dat om vir ander te sorg, deel van die gesinslewe is.
- 6 Trou jonk en wees vrugbaar.** Moenie die wêreld se tydlyn najaag nie. As jy die lewensmaat vind wat God vir jou bestem het, bou saam aan 'n huis en moenie bang wees vir kinders nie. Kry kinders, en as die Here dit gee, kry sommer baie.

Die vraag is nie of 'n gesin die moeite werd is nie. Die vraag is: Het ons die moed om dit onbeskaamd eerste te stel? ☺

«Vervolg vanaf bl. 34

Geskiedenis in elke huis

Meer onlangs is Jaco en Nadine Vosloo die mense agter die suksesverhaal van Tjhoko Verf, Suid-Afrika se eie omgewingsvriendelike krytverf. Dit word volgens 'n familieresep gemaak en die kleure verf word na familieleden, vriende en werknemers vernoem. Jaco is die derde generasie wat in die moedermaatskappy, Paint Master, werk. Hulle fokus is om by voorkeur aan werknemers se kinders geleenthede te bied, wat tot die kultuur van dié familiebesigheid bydra.

In Boeta se kuif?


Ouer garde het dalk nog pynlike herinneringe aan 'n kwaai onderwyser wat jou met kougom

in die klas betrap en dit dan in jou hare vasdruk! In 'n poging om met die internasionale kougomhandelsmerk Wicks mee te ding, ontwikkel Arthur Ginsberg daardie gewraakte pienk Chappies in 1948 vir die Chapelat-lekkergoedfabriek. Chappies is natuurlik ook bekend vir die interessante feite binne die ikoniese geel, blou en rooi papiertjies. Groot moeite is deurgaans gedoen om seker te maak dat hierdie feite korrek is en akademici van die Universiteit van die Witwatersrand is byvoorbeeld genader om inligting daarvoor te voorsien. Meer as 5 000 feite is al só bekendgestel. Vandag behoort die handelsmerk aan

Mondelêz Internasionaal en daar word sowat 2,5 miljard stukkies kougom per jaar verkoop.

Slotsom

Hierdie geliefde produkte het nie net die Suid-Afrikaanse bodem in gemeen nie, maar ook dat dit in moeilike tye gemaak is as inkomste vir gewone werkers en hul gesinne. Uit 'n nederige begin sou dit deel word van internasionaal bekende maatskappye se aanbod. Dit bewys dat niemand in slegte ekonomiese omstandighede hoef vas te kyk nie, maar dat jy eerder met vertroue jou skeppende talente moet gebruik om 'n diens of produk te lewer wat vreugde en waarde vir ander kan bring. ☺



DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

#WELSTAND

Toegang tot die **geleentheid**
om te **studeer** deur die
Studietrust
is 'n unieke waarde
aanbod wat ons bied!

www.hh-studietrust.co.za



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING



Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis

Nuusweek

Regskenninggewings



Plaas jou Regskenningsgewings
nou in Nuusweek.

Nuusweek verskyn **ELKE VRYDAG GRATIS** in
digitale formaat en word nasionaal versprei.

Spertyd:

Besprekings: Dinsdae om 12:00 voor Publikasie.

Stuur 'n e-pos na advertbeer@pretoriafm.co.za of skakel
Monique de Jager by 012-543 0120

Wie is baas in die hel?

“Stille waters, diepe grond, onder draai die duiwel rond.”

In dié bekende liedjie van Laurika Rauch word hierdie gesegde gebruik om aan te dui dat nie alles is soos wat dit voorkom nie. Iemand kan van buite soos ’n stil mens lyk, maar binne ’n klomp duiwels wegsteek. Toe die pragtige stem van die sangeres my as kind bekoor het, het ek dít gehoor: “Onder draai die duiwel rond.” Ek het geglo die duiwel is koning onder in die hel se duister vanwaar hy kom om die mens op die aarde te teister.

WAAR KOM HIERDIE GEDAGTE VANDAAN?

In die Middeleeue was daar twee groot digters wat die mense se verstaan van die hel beïnvloed het.

Dante was ’n Italiaanse digter en skrywer. In ’n gedig wat hy geskryf het, “The Divine Comedy”, vertel Dante hoe hy deur verskillende vlakke van die hel na die vaevuur beweeg. Teen die einde van die verhaal kom hy uiteindelik in die hemel aan. Hierdie gedig wys op die Rooms-Katolieke Kerk se misverstand dat nie alle gelowiges reguit hemel toe gaan nie. Volgens hulle moet die meeste mense eers ’n reis deur die hel en vaevuur aflê. Daar word hulle gereinig en gepynig om die hemel in te gaan.

John Milton was ’n Engelse digter. In 1667 skryf hy ’n gedig met die naam “Paradise Lost”. Die gedig gaan oor die sondeval in die tuin van Eden. Milton het die duiwel as ’n hartseer karakter uitgebeeld. Hy vertel hoe Satan

saam met sy volgelinge in die hoofstad van die hel, Pandæmonium, sit. Vandaar het die duiwel aangebied om die hel deur te reis om sodoende die mens van die Paradys te vervreem.

WAT LEER DIE BYBEL?

Volgens die Bybel is die duiwel nie die baas in die hel nie. God alleen is Koning oor die hemel, die stille waters en die diepe grond. Jesus Christus wat uit die dode opgestaan het en aan die regterhand van die Vader sit, regeer oor alles. Die Here het alle dinge onder Christus se voete gestel (vgl. Efés. 1:20-22). Johannes 1:3 maak dit duidelik dat *alle dinge deur Hom ontstaan het, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie*. Selfs die doderyk het deur die skeppende hand van God ontstaan.

Die duiwel sit nie op 'n troon in die hel nie.
Die duiwel besit nie die sleutels van die doderyk nie –
God alleen het die sleutels van die doderyk.

Christus sê: *Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie ... vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp* (Lk. 12:4-5). Ook in Openbaring 1:18 sê Christus: *Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood*.


DIE BYBELSE BEELD VAN DIE HEL

Die hel is die plek waarheen ongelowiges gaan – hulle wie se name nie in die boek van die lewe opgeskryf is nie (vgl. Openb. 20:15). Dit is die mense wat aan die linkerhand van Christus staan (vgl. Mt. 25:41). Vir hulle is die ewige poel van vuur voorberei (vgl. Mt. 25:41; Openb. 20:15). In die hel sal daar 'n gekners van tande en baie trane wees (vgl. Mt. 8:12).


Die Bybel leer dat die duiwel en sy volgelinge ook in die hel gegooi gaan word; nie om daar te regeer nie, maar om gestraf te word. Die Here Jesus gaan kom met die finale oorwinning oor die dier (duiwel) en die konings van die aarde (sy volgelinge). Op dié dag sal die duiwel en sy volgelinge gevange geneem en in die vuurpoel wat met swael brand, gegooi word (vgl. Openb. 19:20; 20:10).

Dante en John Milton het iets belangrik in die Bybel misverstaan: Stille waters diepe grond, die Here is Koning orals rond!

Groete, ds. Emilè



Toe sien God alles wat Hy
gemaak het, en – dit was baie
goed. (Gén. 1:31)



OU ISRAEL EN DIE HEELAL

Die woord “heelal” verwys na alles wat bestaan. Die Bybel leer dat die heelal die handewerk van God is. Génesis 1:1 begin met die verklaring van God se skeppingsdaad: *In die begin het God die hemel en die aarde geskape*. Hierdie vers is die saadjie van die Bybelse verhaal en sê vir ons dat die heelal nie toevallig ontstaan het nie, maar deur God bedoel is en daarom ’n doel het.


Hoe het die mense van daardie tyd die heelal gesien? Die Israeliete uit die ou tyd het die heelal verdeel in die hemel, die aarde, die see en die onderwêreld.

Hulle het die lug beskou as ’n gewelf (hemel) wat op pilare (miskien berge) rus, met deure en vensters wat reën inlaat. God het bo die hemel gewoon, verborge in wolke en majesteit.

Hulle het die aarde gesien as ’n plaat wat op die waters dryf, met pilare vasgemaak of vasgemeer. Die aarde was die enigste bekende gebied. Alles daarbuite is as onkenbaar beskou.

Die onderwêreld of doderyk (Hebreeus: *sjeool*; Grieks: *hades*) was ’n waterige of stowwerige tronk waaruit niemand, nóg mens, nóg dier,

teruggekeer het. Dit is gesien as 'n fisiese plek onder in die dieptes van die aarde, eintlik die heel diepste plek, en kon slegs deur die dood bereik word.





Opgestel deur Daleen Pienaar



**SOEKWOORDE:
GEBORTE VAN JESUS
AANGEKONDIG**

Antwoord	Here	Oorskadu
Dawid	Huis	Ore
Dinge	Jakob	Sagaría
Elisabet	Jesus	Salig
Engel	Josef	Sesde
Ewigheid	Juda	Seun
Gabriel	Kindjie	Stad
Galiléa	Klink	Stem
Geglo	Koning	Swanger
Gegroet	Krag	Troon
Geluid	Maagd	Verloof
Genade	Maand	Vervul
Geseënd	Maria	Vreugde
Gevind	Moeder	Vroue
Haastig	Násaret	Vrug
Heilige	Ontsteld	

Gaan my liewe troeteldiere hemel toe?

Ds. Emilè Trollip



Jy is seker net so lief vir jou troeteldier soos vir enige mens! Troeteldiere het 'n spesiale plek in ons harte. Wanneer een van ons troeteldiere doodgaan, is ons hartjies seer en die verlange groot.

Miskien het jy al gewonder of jou troeteldiere, soos ons, hemel toe gaan? Dit is 'n baie interessante vraag, want die Bybel het ook op 'n tyd dieselfde vraag gevra. *Wie bespeur dat die asem van die mensekinders opgaan boontoe, en dat die asem van die veediere neerdaal ondertoe in die aarde?* (Pred. 3:21). Die Prediker wil weet hoe ons seker kan wees waarheen die mens en dier ná die dood gaan.

Prediker beantwoord nie die vraag of diere hemel toe gaan nie. So, wat sê die Bybel? Die Bybel gee nie 'n duidelike antwoord nie. Die Bybel gee wel vir ons drie leidrade wat ons, soos 'n goeie speurder, kan volg om die antwoord te kry.

EERSTE LEIDRAAD: DIERE IN DIE HEMEL

Die Bybel leer dat mens en dier 'n lewende siel het (vgl. Gén. 1:30; 2:7; 6:17). Dit beteken hulle is lewende skepsels. Met ander woorde, die HERE het die mens en die dier geskape om vir Hom te leef. Dit kan beteken dat Hy mens en dier in die hemel wil bewaar. Miskien is dit hoekom die HERE by Noag se vloed ook die diere in die

ark laat gaan het? *En van al wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elke soort in die ark laat ingaan om dit saam met jou in die lewe te hou: mannetjie en wyfie moet hulle wees* (Gén. 6:19).

Paulus leer dat ons sondes ook die skepping (wat diere insluit) seergemaak het (vgl. Rom. 8:20, 22). Daarom wag die skepping met blydschap op die wederkoms. Wanneer die kinders van God in heerlikheid van die sonde vrygemaak gaan word, sal ook die skepping van die aaklige gevolge van die sondeval bevry word (vgl. Rom. 8:21).

Jesaja 11 leer dat wanneer die Messías sy koninkryk kom stig, sal die wolf by die lam lê, die luiperd by die bokkie en die leeu sal strooi eet.

Dit klink of diere dan wel hemel toe gaan?

TWEEDE LEIDRAAD: DIERE GAAN NIE HEMEL TOE NIE

Die dier en die mens het 'n lewende siel, maar net die mens is na die beeld van God geskape. Om na die beeld van God geskape te wees, beteken dat die mens 'n baie spesiale plek in God se skepping het. Die mense was aangestel om oor die diere te

heers (vgl. Gén. 1:26). Toe die mens sondig, het God vir Jesus Christus gestuur om vir die sondes van die mense aan die kruis te sterf.

Daar word baie duidelik geleer dat mense wat in Jesus Christus gló, hemel toe gaan. Nêrens word gesê dat Jesus vir diere gesterf het of dat hulle in Hom glo en ook hemel toe gaan nie.

DERDE LEIDRAAD: 'N NUWE HEMEL EN NUWE AARDE

Openbaring 21:1 sê: *En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan; en die see was daar nie meer nie.*

Wanneer ons soos goeie speurders na al die leidrade kyk, moet ons 'n paar dinge sê: Die Bybel leer dat die mens na die beeld van God geskape is. Die Bybel leer dat diere deel van die skepping is waaroor die mens moet heers. Die Bybel leer dat die Here diere liefhet. Die Bybel leer dat daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gaan wees. Die Bybel leer dat daar diere op die nuwe aarde sal wees.

Die Here gaan waarskynlik nuwe diere vir die nuwe hemel en die nuwe aarde skep.